Interviewer: Mike Cadman

Subject: Major General Chris Serfontein

Datum: 9 May 2008

**INTERVIEWER:** Chris, can you tell me a little about your background, where you grew up, was your family a big family, things like that.

**CHRIS:** Mike, ek was gebore in die distrik van Waterval-Boven op die 19de Julie 1942. My vader is oorlede in 1945, wat my moeder toe die probleem gelaat het dat sy met twee kinders gesit het, en hulle moet grootmaak, so wat sy toe gedoen het, sy het gaan verder studeer … en om ‘n, om ‘n verpleegsuster te word, en so het ek by my oupa ongeeindig, nou my oupa was nogal ‘n karakter op sy eie gewees, dis my ma se pa met die naam van Jan Andries Potgieter. Nou Jan Andries Potgieter was, toe hy sestien jaar oud was, en opgeroep was vir diens, in die Anglo Boere-oorlog, toe het hy al twee oorloë agter die blad gehad ... die twee Sekukuni oorloë wat daar in Dullstroom, jy weet in Steelpoort se wêreld gewees het ... nou goed, hy was opgeroep in die Eerste en Tweede Sekukuni oorlog gewees het wat hulle genoem het ‘n “penkop” met ander woorde hulle het hout gemaak, in die kombuis gewerk en so aan, om vir die burgers nou kos te maak, in die Anglo Boere-oorlog, ek dink hy was sestien toe hy opgeroep word. Nou hy het geveg in Colenso, in Ladysmith in Natal. Hy het my vertel hy was die adjudant van die kommando-bevelvoerder. Ek het later uitgevind dat hulle die terme “adjudant” genoem eintlik gebruik, eintlik vir ‘n boodskapper, omdat hulle nou nie radios en goed gehad het nie, het die bevelvoerder gesê ja jy klim op jou perd en jy ry na

daardie ou toe, en jy gaan sê vir hom, hier is jou opdragte en goed wat jy doen. In elk geval, na die slag by Colenso en met die boere wat teruggetrek het, hy het saam met hulle teruggekom, en toe op die Hoëveld van Transvaal begin baklei, wat meer of min sy wêreld was, en daar is hy gewond naby Middelburg. Hy is toe opgeneem in die Middelburg hospitaal waar hy gevangene geneem is deur die Britte, en toe afgevoer was per trein, op ‘n skip geplaas en Indië toe gevat. Hy het spesifiek gesê Indië en nie Ceylon nie, ek kan dit onthou. In elk geval, daar het hy gebly, hulle het geweier destyds om die Rooi Eed te teken daar, toe het hulle ‘n Generaal Viljoen opgestuur wat hulle oorgehaal het om nou te teken, sodat hulle weer kan terugkom Suid-Afrika toe. En so het hy toe twee, blykbaar twee jaar na die oorlog, of ‘n jaar, twee jaar na die oorlog, teruggekom Suid-Afrika toe. En toe teruggegaan Dullstroom toe waar hy ‘n stukkie grond gehad het, en nog so ‘n stukkie aangehuur het, om bietjie ‘n boerdery aan die gang te hou. Nou Ouma, my ouma was ‘n nooi Du Plessis, daar van Draaikraal se wêreld af, nou sy was gevangene geneem te velde en in die konsentrasiekamp in Bloemfontein geplaas, jy weet hulle noem mos daardie plek die Dal van Trane ...nou dit het ‘n geweldige skok en indruk op my ouma gehad. Sy het later jare by ons kom bly en ... jy weet, vandat sy 75 jaar en ouer was, het sy net gepraat oor die konsentrasiekampe wat ‘n geweldige probleem met haar was. Maar in elk geval, so ... toe ek nou as ‘n drie-jarige seuntjie daar by Ouma-hulle aankom, toe praat my oupa, hy noem my toe sommer Christiaan de Wet jy weet, en hy vertel my nou oorlogstories en my ouma vertel van die oorlog, en so het ek bewus geword van soldaat wees in die oorlog So ek was, ek dink ek was omtrent sewe jaar, toe besluit ek ek gaan ook ‘n soldaat word. En so het ek uiteindelik seker maar daar uitgekom ... Ek het gematrikuleer in Lydenburg in 1960, ek was ‘n volunteer in die Vloot Gimnasium in ’61 gewees, en toe ek daar klaar maak, toe wil my ma hê ek moet ‘n onderwyser word, ek het geweier, en ek het gaan insluit by die Infanterie. Ek wou by die Pantser aansluit

maar hulle het gesê hulle het nie tenkdrywers nodig nie, toe gaan ek maar Infanterie toe. En so het ek maar by die Infanterie aangesluit as 'n rifleman, junior leierskursus gedoen, jy ken die .... luitenant-veldkornet geword, en peloton bevelvoerder fivestar 5 SAI Ladysmith ... So dit is maar ... ek het 'n lewende belangstelling in sport, is 'n redelike goeie sportman, ek het op skool vir die Bulle, vir Noord-Transvaal destyds gespeel as a skool-laaitie, dis hoekom ek nou nog vir hulle support ... en ek het ook later jare so'n klompie wedstyde vir Griekwaland-Wes gespeel, in die jare toe hulle nog 'n goeie span gehad het ... (lag) ...

**INTERVIEWER:** All right, Chris, and then, you are now part of the Army, you're doing these courses, you're progressing up the ranks now. At this stage, South Africa had no conflict going on that you are likely to see action, but nevertheless you were training. Did you do any courses outside of South Africa, or were you only in South Africa?

**CHRIS:** Nee Mike, daardie tyd kon ons nie meer buitelandse kursusse doen nie. Toe ek hier in '63 nou 'n luitenant word, toe ... behalwe 'n paar kursusse wat die ouens in Rhodesia gedoen het, maar ek het nie daar ... ek was nie daar nie.

**INTERVIEWER:** All right. And then after you became a lieutenant, where were you stationed at that stage?

**CHRIS:** Ek was die mortier peloton-bevelvoerder 5 SAI Ladysmith.

**INTERVIEWER:** And how long did you spend in Ladysmith?

**CHRIS:** O jitte, ek is, ek was daar verplaas in '68, '69 ... En toe is ek Kimberley toe.

**INTERVIEWER:** And during this period, your training, was it primarily aimed at conventional war, or was there an element of counter-insurgency as well?

**CHRIS:** Mike, miskien moet ek vir jou vertel toe ek 'n polisieman geword het ... dit is ... toe ek in Ladysmith was, toe roep my bevelvoerder my in wat 'n baie bekende ou was met die naam van Kommandant Pik van Noorden, hy het lateraan IG geword van die Leër as 'n Generaal-Majoor, maar Oom Pik roep my toe in, en hy sê vir my hulle wil my

hê, ek moet in Leër-hoofkwartier gaan rapporteer, by Kamer X, maar ek moet met sivies gaan. Ek sê toe nou maar hoekom in siviele drag, hy sê, nee hy weet nie, dis die opdrag wat hy ontvang het. Goed, toe klim ons ... ons het daardie tyd nog trein gery ... ons is nou op, klim hy af die trein, op Pretoria toe, die ouens kom haal my toe op die stasie, ek rapporteer by Leër-hoofkwartier, en toe sê die Kolonel daar, Luister, julle vyf outjies, ons gaan julle vir vyf maande polisiemanne maak. Julle word nou uit die Lëer ontslaan, en ... amptelik ontslaan ... dan word jy amptelik ingesweer as 'n polisieman vir diens in Owamboland. Jissie ons het nie een geweet waar is Owamboland nie ... ons vra toe, ons dink Owamboland is daar by Pondoland, want ons het mos nou ook daar operasies gedoen, ons sê ... toe is dit in Natal daar by Pondoland, toe sê hy, Nee, dis in Suidwes-Afrika ... Orraait, toe's die ou hierdie .... Toe vat hy ons polisiestasie toe, ag na die Polisie toe in Pretoria, waar ons toe ingesweer word, en hulle kit ons uit in polisie-uniforms, laai ons op 'n Dakota en vlieg ons Owamboland toe. Daar aangekom, het ek nou die eerste keer met nou terrorisme te doen gehad, maar ... ons het aangekom, ek het 'n stasiebevelvoerder geword, nou ek het ... ek was die bevelvoerder, ek was 'n luitenant, polisie luitenant op 22-jaar oud ongeveer, ek het 'n polisie-sersant daar gehad, Sersant Liebenberg, hy het uit Kimberley uit gekom, twee blanke konstabels en twee swart konstabels, dit was nou die stasie. Ons het 'n boom gaan soek daar anderkant die vliegveld by Ondangwa, daar die stasie se drie tente maak staanmaak het, en daarvandaan was ons werk om al die Ovambos wat in die streek rondom ons die land verlaat het, te gaan verklarings neem het. Nou ek het geen opleiding in verklarings neem gehad nie, ek is'n peloton-bevelvoerder, so wat ek gedoen het is, ek het die land gekyk, ek het rondgery in Owamboland, en die mense leer ken, en Owamboland redelik goed leer ken, van Ruacana af, ek het selfs in Angola ingegaan, met die mense daar gesels, en ek het die tyd wat ek daar gewees het, gebruik om, jy weet, agter te kom. Toe sê ek een aan vir die polisiemanne hulle weet nie hoe om

oorlog te maak nie ... (lag) ... toe raak die bevoerder, wat 'n Kolonel Dillon is, vir my kwaad, en hy verplaas my Boesmanland toe, ek weet nie of jy weet waar Boesmanland is nie ...

**INTERVIEWER:** Ek weet was dit is ....

**CHRIS:** Suid ...

**INTERVIEWER:** Langs die Botswana-border ...

**CHRIS:** Ja ... en toe word dit my taak om die Botswana-border te gaan ... patrolleer, waar daar nooit 'n ter gekom het in die tyd waarvan ek weet nie ... maar in elk geval, ons is toe soontoe, nou daar het ek vir die eerste keer gesien hoe werk 'n logger-stelsel, of hoe werk 'n logger-stelsel ... logistieke stelsel nie ... hulle het ons ge-issue met 20 patrone per twee weke, wat ons moes jag, vir kos ... (lag) ... en dan het hulle vir ons 'n ekstra toelae gegee, so een keer per maand het die paymaster ingevlieg, dan gee hy ons ons toelae, en elke twee weke het ons ingery Grootfontein toe, en dan gaan koop ons ons kos daar ... dan ry ons weer terug. So dit was eintlik maar 'n jagkamp gewees wat ek baie geniet het, maar nie veel geleer het nie. Nou, ek het ... ek het baie teleurgesteld teruggekom Suid-Afrika toe as a jong offisier, oor my ondervindinge, ek was eintlik negatief. Die logistieke stelsel van die polisie het nie gewerk nie, ek wil hulle nie afkraak nie, maar dit het regtig, dit was deurmekaar. Hulle het nie opleiding gehad in ... ons het darem al daardie tyd die BB-kursusse, Binnelandse Beveiligings kursus, Internal Security Courses, gedoen, en darem 'n idee gehad, jy weet ... wat om te doen. Hierdie ouens het, jy weet, polisiëring gedoen in 'n gebied wat reeds al begin aktiveer geraak het. Daar is nie 'n stelsel van herstel en herwinning nie, as 'n voertuig gebreek het dan het jy eintlik maar die part gaan steel of bedel iewers anders om hom reg te maak ... en die opdragte was baie vaag. Toe ek terugkom, toe het ek 'n verslag ingesit wat vir die ouens sê, nee jissie, ons moet anderster dink oor hierdie oorlog, en ... ek dink na aanleiding daarvan is ek toe verplaas Kimberley toe, waar hulle die Kommando

Krygskool oopgemaak het, waar hulle net binnelandse beveiliging operasies gedoen het. So ...ja, by die krygskool was ek gelukkig dat ek op peloton kompanie vlak kursusse aangebied het, wat my blootstelling gegee het in die klein taktiek van internal security ... of later teen-insurgensie, die name het mos maar so verander met tye ... so ek het baie geleer by die krygskool, die sewe jaar wat ek daar was, op die klein taktiek, jy weet want jy bied tostaantoets - *tactial exercises without troops,* en jy as ‘n instrukteur leer net so baie by die boer wat prakties op die grond is, oor hoe hulle dink van tegnieke en taktiek wat jy kan toepas. Ek het daar baie geleer.

**INTERVIEWER:** Okay now you, this is back in – what year is this – 1969, okay ...?

**CHRIS:** Ja ’69 more or less ...

**INTERVIEWER:** Okay ... and then, you came out of your short time in the police ... and you were back in the Army?

**CHRIS:** Ja.

**INTERVIEWER:** Okay ... and then what happened in the next few years, in the years, early seventies?

**CHRIS:** Okay ... in ’71 het Griekwas die Curry Cup gewen, ja, ek dink so I’m not sure ... (lag) ....

**INTERVIEWER:** And you had a good party ...

**CHRIS:** Ja ... ons was daar , ja ... Wel, kyk, die oorlog was toe’n bietjie weg van ons af, ek het gehoor daar was kompanies in ... die oorlog was toe meer in die Caprivi gewees ... en, maar ek is daardie tyd bietjie uit die oorlog uit, hoewel ek al die verslae en goed gekry het daarvan ... maar as jy reg onthou, het SWAPO hier in 1971 begin om gesofistikeerde wapens in te bring, toe begin hy RPG’s inbring, RPG’s, die B10’s het hulle ingekom, hulle het myne begin lê en die Polisie in die Caprivi het hulle begin ... jy weet, het begin swaarkry. Toe, as ek reg kan onthou, op 1 April ’74 was daar mos ‘n handing and taking over ... toe het die Polisie vir die Weermag oorgegee ... om noord

van die rooi lyn, jy weet nou dis die Owambo, die swart woon ... die swart gebiede van Suidwes-Afrika ...

**INTERVIEWER:** Maar die rooi lyn was ook die foot-and-mouth line ...

**CHRIS:** Ja, was ook die foot-and-mouth line ... Hulle het die bek-en-klouseer lyn gebruik as die gebied wat hulle afgestaan het vir Weermag. Nou ek het toe ... daardie jare het hulle in Kimberley 'n voltydse eenheid gestig, 11 Kommando. Nou 11 Kommando was ... eintlik hulle het die DP's, kyk die kommando outjies het drie maande ingekom ... shorter ... jy't diensplig daar gedoen ek dink 9 nege maande nog ... toe verleng hulle dit na 9 maande en stig 'n voltydse eenheid met die naam van 11 Kommando ... nou 11 Kommando, hulle het my verplaas as 'n Bataljon-bevelvoerder na 11 Kommando toe vir 'n jaar, en terwyl ek by 11 Kommando was, het ek gaan diens doen, ek het aanvanklik Caprivi toe gevlieg, ons het daar aangekom, ons was net in ons basisse in, toe gebeur daar probleme in Owamboland, toe transfer hulle my Owamboland toe ... en toe kom ek weer na al die jare in Owamboland aan. Nou, tot daardie tydstip het die Leër nie veel aandag gegee aan Owamboland nie, want onthou die terroriste was toe nog meer in Zambië, en hulle het die Caprivi gebruik vir insypeling, en die Portugese het nog gehou bokant in Angola, en hulle kon nie 'n base area daar kry nie. So die oorlog maar ... toe begin daar verskuiwing plaasvind. Ons is in elk geval ... my was die eerste infanterie-troepe wat ontplooi is in Owamboland, voorheen het hulle net die gunners, jy weet wat ook bietjie diens ... ag bosoorlog ... ondervinding kry, het hulle Ondangwa toe gestuur, en helfte troep Odangwa toe en 'n troep Ruakana toe vir sekerheidsdienste. So toe het ek weer bietjie die ... met die oorlog te doene gehad. Ek was op, stafkursus in 1975 ... die jaar van Operasie Savannah ... met die gevolg is, ek dink op 27 Maart, nee, nee, nee, waneer het hulle .... 8 Augustus'75 het hulle, het ons betrokke geraak fisies by die oorlog in Angola, kyk het hulle het mos sommer so twee pantser karre en 'n infanterie peloton laat Calueque

beset ... en toe hulle Calueque toe is ons betrokke by die oorlog. Maar die regte oorlog het eers bietjie later begin, maar op 8 Augustus het ons betrokke geraak. Toe besef die ouens, hel hulle kan darem nou nie met 'n peloton en twee pantserkarre oorlog maak in Angola nie, hulle stig toe 'n taakmag hoofkwartier ... met Generaal Andre van Deventer as die bevelvoerder ... wonder of Generaal van Deventer nog lewe ... maar in elk geval, en nou hardloop hulle kort, nou moet hulle staf kry. Toe was die stafkursusse op sy laaste fase, laaste twee weke, toe vat hulle daardie stafkursus, en hulle convert hulle in staf re-taakmag, totdat hulle die ander ouens uit die gate uit kan kry om op te stuur ... so toe land ek op Rundu aan, hier in November maand ... '75 as ... op die staf van Generaal van Deventer, maar nou ek was 'n skakel-offisier, nou 'n skakel-offisier beteken jy kry opdragte van die generaals, soos my oupa was, die adjudant wat hy nou adjudant ... en jy vlieg vorentoe en jy gaan praat met die bevelvoerder op die grond en jy vertel hom hoe voel die Generaal oor die situasie en wat hy voorstel hy moet doen. So dit het ek gedoen, tot my groot frustrasie want ek was nie net bang om te vlieg nie ... (lag) ... ek moet daardie jong pilots, party was KO's en onervare ouens nie, maar ek wou bo aan die geveg deelneem en ... ons het nou nie daar nie ... wat ek wel gedoen het, in daardie selfde tydstip het daar probleme ontstaan tussen UNITA en FNLA ... nie FAPLA nie, FNLA, hulle was eintlik twee, die ouens wat saam moet geveg het, by 'n plek met die naam van Serpa Pinto, dis net so noord van ... jy weet, ja jy ken Serpa Pinto, Serpa ... nou toe, toe laai hulle, toe maak hulle sommer so 'n vegspan daar bymekaar, ek word toe die 2-IC van die vegspan, en ons vlieg met twee C130's in met 'n klomp paratroepers agter in, en ons land so by Serpa, en dan stop die vliegtuig en die agterste ramp gaan oop, en die troepe hardloop uit en ons sort die oorlog daar tussen hulle uit, ons kry hulle uitmekaar uit .. en dit was eintlik al aksie wat ek gesien het in groot Operasie Savannah ... hulle het ons toe aan die einde van Desember, vroeg in Januarie vervang met ander staf, en jy weet ons is darem 'n jaar weg van die

huis af, dat ons kan huis toe gaan.

**INTERVIEWER:** You say at Serpa Pinto you sorted out the fighting between UNITA and FNLA ..., how long did that period take?

**CHRIS:** Die geveg?

**INTERVIEWER:** Ja.

**CHRIS:** Jy meen ... of die moeilikheid wat hulle gehad het?

**INTERVIEWER:** Nee, once ... once you arrived there, how long did it take you to ...

**CHRIS:** Sort them out? Oh ... about half an hour (lag) ... toe ons hulle sk ... they all ran away ...

**INTERVIEWER:** Okay, so ...

**CHRIS:** We fired in the air, the usual thing, they fire ... their rifles in the air, and they run away ... so we went into town, get the FNLA guy and the UNITA guy and sit down and talk to them ...

**INTERVIEWER:** En dis al?

**CHRIS:** Nah, dit was al ... daar was nie ‘n helse fight nie ... (lag) ... wat interessant was natuurlik, is dat ons ‘n titel operasie gebruik wat baie min gebruik word ... om ‘n luglanding te doen, so ons het daardie tegniek ook bemeester.

**INTERVIEWER:** That was in a C130?

**CHRIS:** C130, ja, with a ramp on, two of them ... ah Mike, nou dink ek moet ons gaan na die periode na die onttrekking van die Suid-Afrikaanse magte uit Angola uit na Savannah, want dit is ... die tyd wat die oorlog eintlik in ... noord van Ovambo begin het, of in Ovambo begin het, as ons net so ‘n breek maak ...

*EINDE VAN R9.0001*

**INTERVIEWER:** Chris you were talking about Operation Savannah then you said that you wanted to start discussing the post-Operation Savannah period ...

**CHRIS:** Okay, Mike, na die onttrekking van die Suid-Afrikaanse magte op 27 Maart '76 aan Angola, wat ook maar 'n gevolg was van politieke druk deur die VN dink ek, het SWAPO toe daardie geleentheid gebruik om vanaf Zambië hulle ... gebied te verskuif na die noorde van Owamboland, met ander woorde die suidwestelike gedeelte van Angola. Nou, hierdie was 'n baie belangrike deel van die oorlog se geskiedenis, want 'n mens moet onthou dat ... die Ovambos is omtrent 50% van die bevolking van Suidwes-Afrika gewees ... bietjie meer as 50%. Dat 80% van die terroriste was 'Vambos gewees, met ander woorde, 'Vamboland was vir hulle die gedeelte wat hulle eintlik eerste moet liberate, voordat hulle die res van Suidwes-Afrika kon of moes liberate, jy weet ...

**INTERVIEWER:** En Owamboland is ver van Windhoek af, dis ...

**CHRIS:** Oh, it's more than that, 750 ... 750 ja ... met ander woorde, dit was vir hulle baie belangrik om die suide van Angola te ontwikkel as 'n base area from where they can launch their operations into Owamboland ... goed, dis die eerste ding. So hulle het begin met die bevestiging van die basisgebied in die suide van Angola ... nou 'n ander faktor wat 'n ou nie moet vergeet nie, is ... moet die grens wat getrek is deur, seker maar die Duitsers, het hulle deur Ovambostamme se gebied gesny, met ander woorde jy het ... 'n Ovambostam soos die Umbalantu gekry, wat suid van die grens bly in Suidwes-Afrika, hulle familie bly in die suide van Angola. So op die ... Kwanyama-stam is ook deurgesny, so hulle was familie van mekaar ... so dit was maklik om 'n basisgebied te stig, want hulle kon die taal praat, en ... dit was dieselfde mense min of meer. So dit het 'n ander implikasie op die oorlog gehad ... nou as gevolg hiervan het hulle hierdie geleentheid gebruik, basisgebiede en hulle terrorisme in Owamboland versterk, en dit het in die periode '76/'78 nie goed gegaan in Angola nie ... ag in Suidwes-Afrika, in Owamboland nie. Ah ... die metode wat die Suid-Afrikaanse troepe daar aangewend was, hulle het 'n bataljon gevat, sê nou maar 8 SAI of 4 SAI, dan vlieg

hulle hom in, dan beset hy 'n sekere gebied van Angola, dan werk hy so drie tot vyf maande, vyf maande dink ek was aanvanklik, later verkort na drie maande toe, en dan gaan hy uit en dan kom die volgende bataljon in. Met die gevolg is, hulle het elke keer blind in die operasies ingegaan, daar was nie 'n inligtingstelsel nie, die ou wat uitgaan vertel sy storie, maar jy weet hoe, as jy wil huis toe gaan wil jy huis toe gaan, so elke keer het 'n bataljon ingekom en elke keer het hy van voor af begin. Dit het nie gewerk nie ..

**INTERVIEWER:**.Nou dit was die jare '76, '77 ...

**CHRIS:** Nee, dit ... '76, '78 ... daardie twee jaar ... kyk en op hierdie stadium Caprivi is taamlik stil ... was relatief stil, want die fokuspunt het nou verskuif, hulle het nou nie meer deur Caprivi hartland toe gegaan nie, hulle het nou deur Owamboland hartland toe gegaan ... okay, SWAPO het toe daarop aanspraak gemaak dat hulle sekere gebiede in Owamboland ge-liberate het, die Umbalantu-gebied was een van hulle, dit was klaar 'n liberated area, en ek het ook later aan fotos gesien, propaganda materiaal gesien waar hulle kastig afgeneem is in Umbalantu, in die Umbalantu gebied as die liberated area. Ek het ongelukkig daardie dokumente weggesmyt toe ek afgekom het. Okay, jy ken die beginsel, Mao se beginsel van "the water and the fish", nou dit is presies wat daar gebeur het. Hulle het verdwyn en hulle het propaganda gemaak ...dan en hulle het verrassingshinderlae gelê, hulle het die ouens ... hulle het aanvalle geloods en natuurlik die myn oorlogvoering, die myn oorlog begin toe daar. Hulle het van die hoofmanne aangeval, en gedood. Toe sê die Weermag, nee ons kan nie verder so gaan nie, ons moet iets aan hierdie situasie doen, maar ons is nie besig om die oorlog te wen nie. Toe stig hulle vier voltydse bataljon hoofkwartiere ... wat in Owamboland ontplooi, een was by Ruakana, een was by Xangongo, een was by Ondangwa, en die ander een was by Eenhana, en ek dink dit was een van die slim dinge wat die ouens daardie tyd gedoen het, want onmiddellik het jou nou ouens op die

grond wat bevel kan vat oor die troepe wat inkom, wat die inligtingprentjie kan bywoon, en ... namate die wisseling plaasvind, ons het toe elke keer dieselfde bataljons gestuur na dieselfde plekke toe, het hulle die gebied so leer ken, ook die ander leiergroep ...

**INTERVIEWER:** En op hierdie stadium, die bataljon het dit nie so genoem nie, but there are tricks working with Jan Breytenbach ...

**CHRIS:** Ja, more in the south-eastern area of Angola ...

**INTERVIEWER:** Okay, just north of the ...

**CHRIS:** North of Buffalo ...

**INTERVIEWER:** Yes ... okay.

**CHRIS:** Okay ... nou onthou nou daardie tyd, jissie jy mag nie eens oor daardie grens geloer het nie, dan was Pretoria op jou, it was a no-go area ... political no-go area. Maar hulle het die bataljonse ingebring, so dit het die ouens versterk, die operasies in die binneland versterk .. saam met dit het hulle begin om aandag te gee aan die stigting en werwing van die binnelandse inheemse bataljons, so het jy nou gekry die 101 Bataljon wat ‘n Ovambo-bataljon is ... en dan die Caprivi-bataljon, en so aan, so daardie interne bataljons het ook nou begin, jy weet, uitgebou geraak, so ons het voltyse hoofkwartiere gehad, ons het die rotasie van eenhede in Suid-Afrika dieselfde gehou, byvoorbeeld die bataljon waar ek later was, 52 Bataljon het 8 SAI en 4 SAI in elke keer, en ons het mekaar leer ken ...

**INTERVIEWER:** Okay, hulle is dienspligtiges?

**CHRIS:** En hulle is dienspligtiges ... maar in my gebied het ek gelukkig ook 101 Bataljon gehad, die swart bataljon ... se operasionele gebied, tradisioneel operasionele gebied, was by Mahenene gewees, ek sal later weer bietjie daaroor praat ... nou in dié stadium, na my stafkursus, het ek agtergebly by die kollege en was ek op die kontrole staf van die kollege gewees, met ander woorde die, as instrukteur op die staf vlak, so daar is ek nou konvensioneel weer my opgeskerp. Goed, toe in die einde van ’77,

verplaas hulle my ... of stig hulle daardie bataljons en ek word een van die eerste bataljon bevelvoerders ... by 52 Bataljon, by Xangongo...

**INTERVIEWER:** And what rank were you at this time?

**CHRIS:** Lieutenant-Colonel.

**INTERVIEWER:** Okay.

**CHRIS:** Kommandant nou ... kommandant. Hulle het my promotion gegee en Kommandant gemaak.

**INTERVIEWER:** And General Geldenhuys is OC –SWA Command ... all right, dis waar die teams begin het, jy weet ons is die first team genoem...nou hy was toe, daar het ons hom geleer ken, ek in elk geval. Goed, op 1 April '78 aktiveer ek toe die bataljon, ek het 'n ou met die naam van Lieutenant Dave Drew, was 'n inligtingsoffisier, hy was eintlik 'n pantser-ou, hy is een van die intelligentste ouens wat ek in my lewe ontmoet het, Dave Drew, hy was 'n kort diens offisier ... hy het 'n graad in ekonomie gehad in The School of Economics in Londen, maar hy was 'n walking computer ... hy kon, as hy 'n ou ondervra en hy sê, Waar het jy ingekom?, hy sê Baken 6, en hy sê, Toe loop jy waarheen? Toe sê hy hy loop na Frans se kraal toe, dan weet hy hoe .... hy het alles in sy kop gehad, en as daardie ou vir hom bullshit dan gee hy hom 'n vet oor en hy sê vir hom, Nee, nee, nee, jy kon nie daarvandaan soontoe gegaan het nie, jy moes eers daar ingekom het, ... ja, hy het dit nou vergeet. So, 'n baie intelligente ou, baie goeie offisier, goeie inligtingsoffisier. Die ander ou wat aanvanklik daar was, was 'n ou met die naam van Bobby Keller, ook 'n kort diens outjie, seine, wat my sein-offisier geword het, en toe het ek later 'n adjudant en 'n ops-offisier bygekry, en later 'n adjudant-offisier as my KM, en so het ek maar stelselmatig die bataljon-hoofkwartier uitgebou. Toe ek egter, ek dink ek was die laaste bataljon van die vier wat geaktiveer is, toe het ek darem tyd gehad om te kyk wat doen die ander ouens en so aan ... my eerste ding wat ek gedoen het, was om 'n groot gekonsentreerde gebiedsoperasie te doen, in die

Umbalantu in die sogenaamde liberate areas, nou, die operasie het ons beplan, jy weet ons het gedurende die dag die troepe probeer infiltreer van verskillende gebiede, ek het al die kompanies gebruik, vier kompanies vir die operasie, so dis 'n vol bataljon ... en ons sou die eerste, ons sal hier van vyf uur die middag begin inbeweeg het, in ambush areas, dan kyk ons wat slaan ons die aand, en dan die volgende more dan doen ons opvolg ... en vandat ons vyfuur inbeweeg het, tot agt uur daardie aand, het ons ses kontakte geslaan, so baie ter's was in daardie gebied ... en toe is die gala aan. Nou ja, die groot ding was ons het daardie ding, of die gebied gestabiliseer in daardie week, bietjie meer as 'n week wat ons die aanvanklike operasie gedoen het ... toe het ons nog steeds die ...maar ons het steeds die probleem met die verbod op die trans-grens operasies gehad. Nou die bevelvoerder daardie tyd in Owamboland, was Generaal Kat Liebenberg, nou hy was toe nog 'n kolonel, Kolonel Kat Liebenberg, hy het later, die einde van die jaar het hy 'n brigadier geword... en dis waar my verbinding ook met Generaal Liebenberg begin het, ons het eintlik groot pelle geword later aan, soos jy sal uitvind as ons nou, as ek jou bietjie later vertel die storie. Maar in elk geval, ek het gesit daar by hom dan sê hy, Bosman, ek – ek was altyd Bosman, Bosman nie die oorlog so wen nie en so - ons kan nie hier sit en die ou het al die initiatief, en hy kom in wanneer hy wil, en ons kan nie ... we can't defend Owamboland, ons moet oorgaan.

**INTERVIEWER:** Okay Chris, sorry excuse me ... at this stage, I mean you just conducted this operation, it's an internal operation, Koevoet doesn't exist yet ...or has it started yet?

**CHRIS:** Koevoet just started ...

**INTERVIEWER:** ... it ....

**CHRIS:** Ja, okay .... hy het eers die volgende jaar begin ... en ... aan die einde volgende jaar ...

**INTERVIEWER:** Die volgende jaar ...

**CHRIS:** In elk geval, ons het die binnelandse situasie in elk geval redelik gou onder beheer gekry, en natuurlik het Generaal ... of Kolonel Liebenberg toe, het hy ook begin druk, dat ons begin trans ... grensoperasie, en toe gebeur Reindeer. Nou Reindeer, as ek reg onthou, was 4 Mei '78, so van die begin af, van die jaar tot Meimaand het ons binne gewerk, groot beperking op grens gehad, toe doen ons daardie transgrensoperasie. Nou Reindeer se fame was natuurlik die para's se aanval op Cassinga. Weet jy ek het later gehoor dat hulle hierdie operasie, Cassinga operasie in die Britse stafkollege gebruik het as 'n tipiese valskermoperasie ... klassieke tipe valskermoperasie, waar jy 'n valskerm kan gebruik in counter-insurgency. Maar in elk geval, ou Jan Breytenbach was daar, en ek dink jy moet die moeite doen om bietjie met hom daaroor te gaan gesels ... en jy kan ook met Generaal Viljoen, Constand Viljoen ... nou Constand Viljoen het saam met die troepe ingespring, hy was mos 'n paratrooper, en ek dink hy was destyds die Hoof van die Leër, so hy sal vir jou ... maar ek persoonlik was nie daarby betrokke nie, ek was in die suide betrokke waar ek saam met Frank Bestbier, wat 61 bevelvoerder was, met Reindeer, het ek ingegaan en om vlak eksterne, eintlik maar 'n gebiedsoperasie te doen, terwyl Frank ingegaan het en die harde teiken geslaan het, ek dink hulle het .. teiken Windhoek geslaan, dis kodewoord Windhoek gewees, wat hulle geslaan het. Nou, Cassinga was indrukwekkend, maar ek dink die ander operasie van 61 het meer invloed op die toekomstige operasies gehad in Owamboland, of in Suidwes-Afrika, dat dit in die invloedsgebied, en in die base area was, van die vyand gewees ... wat ... goed uitgevoer was, ons het baie krygsgevangenes geneem, ons het baie ... en dit het die boodskap in elk geval vir SWAPO gestuur dat daar nie meer, nou meer so lekker 'n liberated area was of 'n base area was, waar hulle kan opleiding doen en hulle ding doen en jy weet, hulle voorrade inkry en stapel vir die oorlog teen Suidwes nie. Nou daarna was daar nog beperkings oor die grens, maar dit het al bietjie begin losser raak. In elk geval, ek het die res van

daardie jaar, van '78 gespandeer om my bataljon-gebied skoon van terroriste te maak, wat ek reggekry het. Daar was, as daar infiltrasies was kon ons dit begin opspoor, 'n opvolg doen, jy weet sulke goed, inteendeel, ek dink ek was die ... troepe van 8 SAI was die eerste troepe wat 'n binnelandse aanval uitgevoer het waar meer as tien terroriste in 'n kontak doodgeskiet het ... wat 'n prestasie was. Ons het mos 'n scoreboard gehad jy weet ...

**INTERVIEWER:** And that was inside SWA Inside?

**CHRIS:** Inside, ja. So ek wil sê, by the end of '78, het ons die situasie gestabiliseer, in Suidwes, of in die noorde van Owamboland in elk geval, en ons het begin om die oorlog om te draai. Toe kom '79 wat ek nog, ons het twee jaar bataljon bevelvoerder gewees, en toe het Operasie Rekstok plaasgevind. Nou Operasie Rekstok was nie 'n groot sukses nie. Die suksesgedeelte van Rekstok was die metode wat ons gebruik het. Vir die eerste keer het ons a-la-Vietnam lugstorm operasies met choppers gedoen ... helikopters. Ons het die hele ... 200 en iets troepe gelig per helikopter en ingevlieg op 'n teiken. Nou ons was redelik onervare, jy kan net dink die, al die Suid-Afrikaanse serv choppers was daar, jy weet en daar was nie 'n pilot in reserve gewees nie, en ... nou wil die army so naby as moontlik aan die teiken land, en die air force will so ver as moontlik van die teiken land ... (lag) ...en daar was twee rye en so aan, maar 'n goeie leerproses vir ons was daar. Orraait ...

**INTERVIEWER:** Now this is Southern Angola?

**CHRIS:** Ja, Southern Angola. Now its ... there were four objectives, wat ons eers op een dag, een, my vegspan insit, kom hulle uit, haal Vos in, sit hom op 'n teiken, dan gaan haal hulle ons weer laatnag, dan more sit ons op die tweede teikens, jy sien. Ons het vier doelwitte gehad. Right, ons gaan en ons bevlieg daardie plek, en daar is die teikens leeg ... of, so te sê leeg, meeste van die terroriste is weg, net so 'n klomp loslopers wat lyk my die home guard was daar, het ons daar gekry en hulle uitgesort,

maar die wapentuig kan jy sien is inderhaas weggevat. Toe ontdek ons dat daar 'n sekerheidsbreuk was ... en nou, nou moet ek jou sê wat die rumours sê ... ek het nie feite om dit te sê nie, maar die rumours sê die sekerheidsbreuk het by Binne ... nee, Buitelandse Sake, by Pik Botha-hulle plaasgevind. Nou dit het die troepe baie upset ... en dit het veroorsaak dat ons nie weer vir Buitelandse Sake gesê het ons gaan operasies doen nie, want jy kan net die implikasies, plaas van om te vlug kon hulle versterk het, en jy kon daar afgeklim het en afgespring het in 'n helse ambush in, jy sien? **INTERVIEWER:** Did this climate of distrust between yourselves and Foreign Affairs exist throughout?

**CHRIS:** Ja. As from then onwards, ja. Ons het 'n probleem met hulle gehad. Orraait, ons het 'n bietjie ammunisie gebuit en so aan, maar toe is die ys gebreek ... toe het die manne begin aanvaar, dat ons kan Buitelandse ... Ons het daar ook 'n ... ek wil jou nou net sê hoe het ons hierdie storie nou al uitgewerk met die choppers, dat op ... 'n verkenningsvliegtuig het gevlieg en hy het sommer 'n teiken opgetel, en ek het nog ingekom toe sê hulle, .... Klim! Teiken daar. En ek het net vir die ouens gesê, Land my suid, dat ek kan noord aanval ...en hulle het my suid geland en ek het aangeval, en toe het ek 'n redelike suksessie geslaan en 'n klompie terr's doodgeskiet ... maar, dit het ook baie van ons tegnieke verbeter, Rekstok ... so nou het ons al een groot operasie gehad, dat ons paratroopers ingegooi het, ons het nou ingery met 'n mechanised batallion group, en ons het met choppers aangeval.

**INTERVIEWER:** So you were coming lots of ...

**CHRIS:** Ja ... ons het nou begin experience kry.

**INTERVIEWER:** And at this stage, your casualties, have you taken any casualties yourselves?

**CHRIS:** Ja, elke operasie het jy maar, maar nie groot nie, so een of twee ouens gehad ... ek het ... ek het baie min gehad, ander ouens het bietjie meer gehad, maar nie so dat

dit ‘n reaksie in die Suide ...

**INTERVIEWER:** And Chris, dieselfde tyd as Rekstok, wat van Operation Saffraan? That was Zambia?

**CHRIS:** Zambia ... ja. Outside my ...

**INTERVIEWER:** So you weren’t involved in that. ...

**CHRIS:** No, no ways ... nee dit, en ek weet nie eens wat was Saffraan se ... I was too busy doing a job in Owamboland.

**INTERVIEWER:** Okay.

**CHRIS:** Okay, toe is my … tyd as bevelvoerder om, hulle, elke twee jaar het hulle die ouens omgeruil, maar toe hou hulle my terug in Owamboland, hulle sê die experience moet nou bietjie oorgeplaas word. Nou ek was gelukkig in die sin dat ... dat ek al die operasies gedoen het, so toe ek nou, ek het die SO1 Ops geword, by Witkop Badenhorst, Brigadier Badenhorst, Witkop Badenhorst, het toe bevelvoerder geword, van die sektor ... ek het sy SO1 ops geword en as hy operasies wil laat doen, dan sê hy SO1 Ops, jy is command, vat die ouens en ... soos ek jou nou sal vertel, ek het ‘n hele klompie, ek het eintlik meer operasies gedoen toe ek die SO1 Ops was as toe ek bataljon-bevelvoerder was ... (lag) ... maar in elk geval, ek is nogal snaaks verplaas soontoe, ek was nie vreeslilk keen om agter te bly nie, ek sal jou sê hoekom ... Niemand het vir my gesê hulle gaan ...

**BEGIN VAN OPNAME 09 0003**

**CHRIS:** ... Die operasie was Knapsak ...

**INTERVIEWER:** Knapsak, ok?

**CHRIS:** Okay, Operasie Knapsak. Okay, kom ons ... goed, hoekom ek daar opgeland het, dink ek was ou Generaal Badenhorst toe Brigadier Badenhorst, hy het daar aangekom so November maand in ’79, besoek hy die ... hy was destyds die infanterieskool bevelvoerder, toe kom hy daar by my aan en hy vra vir my, Brief hom ...

hy vra vir my, Hoe doen die Infanterie Skool juniorleiers? Ek sê nee hulle doen bakgat ... ek sê maar hulle word verkeerd opgelei ... nou kak opgelei ... Hy sê o ja ... maar ek weet nie hy is die skoolbevelvoerder nie ... lag ... ek dog hy is'n ou van Pretoria ...

**INTERVIEWER:** So it was a trick question ...

**CHRIS:** Ja, so ek sê vir hom, Nee man, hulle leer hulle ander goedjies dan moet ek hulle in elk geval maar hier weer heroplei voordat ek hulle kan gebruik ... En so stap hy aan. Jis, daai einde van die jaar hoor ek ... nee hy was die skoolbevelvoerder, hy word nou my kop bevelvoerder en hulle verplaas my ... Oshakati toe, hoofkwartier toe. Nou okay, daar aangekom, toe het ons, toe het die oorlog eintlik bietjie opgestep geraak ... en toe het ons daardie jaar Operasie Sceptic uitgevoer, nou ek wil praat oor Sceptic.

**INTERVIEWER:** Okay ...

**CHRIS:** Nou Sceptic se doel was om SWAPO se ops-hoofkwartier, wat ons twee jaar lank gesoek het nê, na Cassinga het hy geskuif ... ons het nie geweet waar's hy nie. Toe soek ons hom. Toe kry ons hom. So noord-oos van Eenhana amper op die grens tussen Owamboland, of as jy nou tussen wes en oos, Suid Angola jy weet, ver, sodat hy kan, lyk my 'n invloed uitoefen op die Caprivi, sowel as in Owamboland. En ook, dit is QFL, dit was die ops hoofkwartier en Mulola basis, dit was ... ons het gedink dis 'n training base vir terr's wat moet inkom, maar later toe ons daar was toe het ons eintlik gesien dit is 'n groot, opslag depot, dis die bevoorradingplek vir bevoorrading van terroristeoperasies. Nou, ons tegniek wat ons daardie tyd gebruik het, is die bevelvoerder, dis nou die sektorbevelvoerder, hy kies sy bevelvoerders uit, dan roep hulle ons bymekaar dan werk ons saam in die inligtingspanne, of die inligtings organisasie, en dan maak ons die plan saam ... al die bevelvoerders. Nou ons was vier veggroepe wat deelgeneem het, waarvan ek nou die ouens se name ... dit was Dippenaar, dit was ek myself, dit is Anton van Graan en Jorrie Jordaan, ons is almal Kommandante. Nou ... ek het 'n voorstel gehad tydens die beplanningsfase dat my

Veggroep en 61 Meg moet gesamentlik vir QFL aanval, want QFL was 'n groot, as ek dit reg kan onthou omtrent oor dertig kilometer versprei, dit is 'n groot doelwit ... en in elk geval, op die ou einde sê hulle toe nee, 61 Meg sal die operasie kan behartig, en toe draai hulle my na Mulola toe.

**INTERVIEWER:** Chris, jy sê die basis was 30 kilometer ... dis loopgrawe, (onherkenbaar)...

**CHRIS:** Nee. Dit was op un shona af, en dan begin hy ... ja hier's loopgrawe en dan 'n outpost hier en dan 'n ... jy weet hy was so opgebreek in sterpunte ... en dan was die lugafweerstellings, en dan was dit weer die opsgebied, jy weet, en so aan, maar nie bymekaar, wat hulle kwesbaar maak vir 'n lugaanval nie, hulle was so gesprei, jy sien, wat hulle weer kwesbaar, redelik kwesbaar maak vir 'n grondaanval, want dan kan jy hulle piecemeal vat, jy weet, en so aan. In elk geval, Mulola was ook 'n redelik groot teiken en ek sou soontoe gaan, ek kan nie meer ... van Graan sou die, die ... verbindingslyn beskerm, en een ou sou 'n gebiedsoperasie iewers gedoen het, maar die twee ouens wat die teikens geslaan het was ek en Dippenaar. Nou daar's is ons toe eers ingeoefen weer soos altyd, en toe ontplooi ons. Nou die ... die aanmars tot aanraking was dat ek agter Dippenaar sou ingaan, dat hy in die bos sou breek, want hy het gemeganiseerde voertuie gehad wat vir my dit sou makliker maak om die stretch te vang, dan sou ons by 'n afbreekpunt kom, hy sal dan opdraai na sy teiken toe en ek sal afdraai na my teiken toe. Hy QFL toe en ek Mulola toe. Wat ons nie in aanmerking geneem het nie, is tussen daardie afdraaipunt in, die punt waar ons nou was, was daar 'n verskriklike sanderige gebied, en ek het dit uit die aard van die saak uit nie geweet nie, want ek het nooit daar operasies gedoen in daardie kant van Angola nie. In elk geval, toe ons nou inry die nag, net na laaste lig, toe begin ek probleme kry, want ek, my ... onthou hy't omtrent 70 voertuie voor my, en dit is, die sand is diep getrap, en my kanonne val vas. Ek het G2's gehad, vyf vywe. *(5.5 inch artillery*) Ek het naderhand 'n

peloton paratroopers per kanon, as hy vasval dan grawe hulle hom uit, en dis'n helse gestry. Met die gevolg is ek het begin tyd verloor. Toe het ek gesê wel hou so 'n bietjie aan dat ek net bykom, en so aan maar dit was 'n helse struggle. Jy weet ons kon nie slaap nie, en dis nag, en die son kom naderhand op en toe is ek so vyftien kilometer agter hulle darem toe die son opkom. Toe die scape (unknown) begin. Toe gaan hulle in, hulle los my toe, en hulle gaan in. Toe slaan hulle daardie teiken, toe is dit harder as wat hulle gedink het nê? En o ja, die ander ou wat saam met Dippenaar was, was natuurlik Constand Viljoen ... wat soos in Cassinga weer, en hy was mos so 'n man, hy is toe voor, waar hy nie moet wees nie, maar ... uit respek uit nou gesê. Maar as jy hoof van die weermag is kan jy besluit waar jy wil wees, after all, en hy was toe saam met Dippe., en hulle sien toe wel ... hulle dink hulle moet versterkings inkry ... nou kom hulle op die lug na my toe, en ek het nou al gedraai ek is op die pad na Mulola toe, hulle sê stop, stop daardie lorrie. Draai om, kom QFL toe. Nou praat Dippenaar met my, hy sê Alpha, Alpha 1 sê ... en ek kliek nie onmiddellik wie is Alpha, Alpha 1 nie, ek sê man Dippenaar vlieg, ek het jou mos gesê ons moet saam ingaan, maar jy wil nie luister nie, ek gaan af, ondertoe, hier kom Alpha, Alpha 1 op die lug ... hy sê Chris, kom hiernatoe! ... toe maak ek maar 'n U-turn daar, en ek gaan op, toe gaan ek QFL toe, ek het nie die teiken nie, ek het nie die kaarte nie, en ek sê toe, Maar ek het niks, hoe de hel gaan ek daar baklei, ek weet nie waar ... jy weet, ek het net die ... die bietjie inligting wat ons het van die plek het ek in my kop, nie my ouens wat saam met my baklei nie, toe land hulle vir my met 'n helikopter, kaarte en goed af, en toe gaan ons in. Maar toe ek daar aankom toe is die storie al half verby, ek het'n opruiming van die doelwit van bo af begin doen en ek het redelik ver gekom, en ek het die goed bymekaar gesit, toe sê hulle, Okay hierdie feit is nou oor, skiet nou Mulola toe ... toe skiet ek Mulola toe. En ek het sommer 'n oshona gevat, wat afloop van Kielof al af, ek het nie weer suid gegaan, my oorspronklike roete nie, sommer afgegaan. Toe klim Generaal

Geldenhuys saam met my op my gevegsvoertuigie en hy ry saam ... en daar kry ons die groot bevelvoerder, ek het nou sy naam vergeet ...jy kan my doodslaan, as ek hom later sal onthou sal ek dit vir jou gee, maar die bevelvoerder van SWAPO by QFL se tas, in ‘n ambulans wat hulle omgegooi het langs die pad, soos hulle gevlug het ... en gekry, wat ons baie goeie dokumente, inligtingsdokumente ingekry het dat ek nou vir Generaal Geldenhuys gepaas het, uit die aard van die saak wil hê ek moet dan nou oorlog maak ... orraait, toe slaan ons Mulola laat, toe is die rumour al gesprei .. toe handloop daardie ouens in die bosse in, toe is dit vir ons duidelik dat dit help nou nie, wow, toe kry ons nou die geweldige klomp uitrusting daar ... toe word ‘n deel van die troepe nou gebruik om die uitrusting te versamel, dit wat ons wil vernietig, vernietig ons, want ons kan dit nie agterlaat nie, en die goed wat ons wil hê wil ons Suid-Afrika toe vat. Maar die res van die ouens begin toe die gebiedsoperasie. Nou die terroriste wat daar was, was tipies die loggies-tipe *(logistics types)* non-fighter tipe wat net daar in die bos rondgedwaal het, so dit was ‘n lekker chicken-skiet jy weet, vir die paratroopers, wat hulle eintlik lekker gate uit geniet het, want hulle het net gaan hinderlae lê naby die waterpunte en as die ouens daar inkom ... ek het gehoor die een Sammajoor wat nou ‘n seksie gehad het, hy het so op die ry afgegaan en gesê, die volgende een skiet jy ...jy weet, sodat elke troep bietjie ... oorlogsondervinding en die enemy in sy sights gekry, of dit waar is weet ek nie, maar ... dis wat vertel is, jy weet mos hoe gaan dit met die troepe ... In elk geval, toe ontaard hierdie hele Sceptic operasie wat geskeduleer is vir, ek dink, 10 dae, in ‘n gebiedsoperasie. Daarvandaan af, van Mulola is ek toe Evale toe, by Evale gekom het ek 32 (Drie Twee) troepe bygekry ... o ek het my gunners, my kanonne het ek vir 61 Meg gegee, en ek het toe by hulle 32 (Drie Twee) troepe bygekry, want ek wil infanterie-swaar wees want ons doen nou ‘n gebiedsoperasie, nie gunner-swaar nie ... en hulle was toe ook nog besig met die opruiming van QFL wat net so baie uitrusting en goed gehad het. In elk geval, toe slaan ons ‘n hinderlaag, of in

een van 32 Bataljon se hinderlae, ry daar veertig-plus voertuie die nag deur. Nou daardie hinderlaag was tussen Evale en Xangongo, op een van daardie paaie ... en ... ek onthou die outjie was vreeslik opgewonde die môre toe hy die loot, wat nou die ambush-bevelvoerder, toe ... sê ek vir hom nou hoekom skiet julle hulle nie, hy sê Joe-e-e, dis te veel lorries gewees ... in elk geval toe sê ons, Nee, maar nou organise ons sommer 'n opvolg. Die eerste ding wat ons insit is toe 'n gewapende verkenning, jy weet ons laat hom op die pad vlieg, met twee Imps toe skiet hulle 'n Imp raak en hulle skiet hom af, ek was net op pad om na hierdie ambush groep toe te gaan met twee choppers wat ek gehad het, twee Alos, sommer gunships, wat ons gebruik het in die gebiedsoperasie, en op pad soontoe sien ons nou hier land 'n ou met 'n parachute by ons, toe is dit dié Tyler, toe vat ons hom nou in, en toe vat ons hom onmiddellik terug, jy weet, want die outjie was bietjie geskok gewees en so aan, maar toe kom ek nie by die ou op die grond heeltemal uit nie ... nee ek lieg, ek het, ons het teruggegaan en toe weer gegaan en toe kom ek by hom, toe verduidelik hy vir my wie het gery en wat het gery en so aan ... toe muster ek my Veggroep en ek gaan op die pad, toe laat die agtermiddag toe slaat ons daardie troepe, toe kom ons van agteraf in hulle ingery ... toe hoor ons dit ... toe vang ons 'n ou, toe hoor ons dis SWAPO's wat 'n mechanised brigade, dis nou die eerste keer dat ons gehoor het dat SWAPO 'n mechanised brigade het, maar hy was meer motorised gewees, jy weet ... so 'n paar DM's, sommer die ou types gehad, maar, maar vragmotors en lorries gehad, en ons het 'n klomp gebuit, 'n paar ouens geskiet, lugaanval ingebring op hulle, en hierdie ou gevang, wat nou met ons praat. Maar toe vang ons ongelukkig die domste ou in die hele brigade ... (lag) ... die arme ou, hy was vreeslik dom, hy was nou 'n gunner gewees, ek sweer dis die domste gunner in die wêreld gewees ... nou Smokey was sy naam. In elk geval, in hierdie hele shambles toe het ons nou daardie doelwit opgeruim, nou gaan ek terug na Evale toe, en toe hoor ons van terr's wat by Mupa is, wat nou hierdie klomp wat nou

opgevlieg het, toe ry ons op Mupa toe, toe slaat ons ‘n kontak of wat by Mupa, en toe begin my, my, toe begin ons flentergat raak, jy weet. Ons kos raak toe op, en ons brandstof raak op, die voertuie is stukkend, en ... ek het in elk geval toe al, al hierdie gebuitde voertuie en goed wat ek gekry het, het ek al uitgestuur met die pantserkarre, toe is ek nou net infanterie ... op die grond. Goed, toe lugvoorsien hulle ons, om ons net weer aan die go te kry ... en, vlieg ons ’n 730 brandstof in en ‘n 730 vol kos. Die troepe het toe begin skeurbuik kry as gevolg van nie vrugte eet nie, jy weet, al daardie peste wat jy kry as jy net ratpacks eet. Toe drop hulle vir ons, en jis hierdie troepe het geëet jong, lemoene, hulle het sakke lemoene vir ons afgegooi ... in elk geval, toe het ons nog bietjie aangegaan met die gebiedsoperasie en toe sê hulle vir ons ons moet terugkom ... toe vra ek vir 61 Meg wat toe al verby is en noord van Umbalantu is, hulle moet vir my die gap by Mongowa net beveilig, dat ek net oor die pad kan kom ... soos ek jou sê die voertuie was al gaar, en daar was redelike, jy weet voertuigverliese en so aan. ... Mike, toe ry hulle daardie Sondagmiddag, eerste ding in die oggend sê ek vir die ouens voor, ons moet nie op die pad ry nie, ons moet die pad gebruik as ‘n rigtingwyser, maar ons moet bos breek ... nou ek het ’n opdrag ek moet daardie middag uit. Nou orraait, dis nie so vér nie, maar met die bosbrekery sien ek ek gaan dit nie maak nie, en ek stuur die engineers vorentoe en ek sê vee die pad ... hardloop en vee die pad, dat ons op die pad kan ry, dat ons dit maak. En so een uur die middag, toe maak ons kontak met Mongowa. Nou, twee dae voor dit, terwyl ek, ek dink ek was daar iewers by Mupa rond, het ons, as ons wou weet wat in die oorlog aangaan, dan het ons op BBC ingeskakel, want hulle het meer vir ons vertel as die nuus in Suid-Afrika. Toe hoor ons oor BBC dat Suid-Afrika gesê het hulle het nie meer troepe nie, in Angola nie, en dit het die outjies nogal upset, dit het’n paar keer gebeur ... shit, hier sit ek 200 km en die ouens, die Government sê hulle het nie troepe in Suidwes nie, jy weet, het hulle van my vergeet, soort van?

**INTERVIEWER:** What did you as a Commander say to your troops, when they were saying, Sir, we're fighting a war ...

**CHRIS:** Ja-a-a, it's a ... lag dit af man, hulle weet in elk geval nie waar ons is nie ... jy weet ek het dit maar so hanteer. Maar ek moet jou sê dit was ook die geval van my, ek sê jissie ... jy weet? Maar in elk geval, toe ....

**INTERVIEWER:** Sorry can I just change this quickly ..(vervanging van band).. okay thank you.

**CHRIS:** Okay ... toe het die, toe glo die, blyk my FAPLA, vir die Suid-Afrikaanse regering en hulle kom reap die set, hulle, hulle sleutelpunte. Toe die oorlog begin het toe hardloop hulle almal Xangongo toe, jy weet uit daardie gebied uit weg, en toe hulle nou sê ons is uit, toe kom hulle terug Mongowa toe, so ek kom daar aan, ek dag, ek dink 61 Meg het vir my die gap oopgemaak, ek is heel rustig, ek ... dis eenuur, ek het nog ses ure tyd ten minste om oor die grens te kom, dit gaan ek maklik maak. Shi-i-t ... eerste ding wat ek hoor, die engineer op die grond sê vir my, hy sê, hier is tenktracks hier ... ek sê ja hoe vars? Nee, ek bekommer my nie ... Hy sê baie vars. Jissis, en ek het nie 'n tenk ... toe slaat ons daardie kontak ... en onthou ek het paratroepers, 3 Kompanjie Paratroepers, en Mortier Peloton in daardie stadium, dis al wat ek het ...

**INTERVIEWER:** Okay ... Ratels ...?

**CHRIS:** Nee, ek sit daar ... nee uh-uh, ja ek het Buffels gehad ...

**INTERVIEWER:** Buffels?

**CHRIS:** Ja ... niks Ratel nie, niks met 'n ding wat kan skiet nie ... dis infanterie, daardie "fire and move" maar. Okay, toe val hulle, val ons vas in die kontak ... en weet die vyand het in die bome geklim, en met snipers die ouens begin skiet, die paratroepers, hulle het 'n paar ouens gewond ... toe kon ons nie die choppers inkry nie, want die kontak wil nie breek nie. Die gewondes uitgehaal, en vir die eerste keer waar ek in 'n geveg deelgeneem het, het ons al ons ammunisie uitgeskiet ... eerste lyn

ammunisie uitgeskiet, dat ons moes replenish, in die geveg. So, daar was 'n groot geveg ... een uur, twee uur, drie uur, nog nie gebreek nie. Toe vra ek ... dat hulle my, die Mirages moet instuur en hulle bom. Die Mirage pilots was in daardie stadium net besig om hulle kit in hulle aeroplanes te laai, hulle was op pad terug Suid-Afrika toe ... want die oorlog is mos nou verby ... orraait, toe pak hulle weer uit, ek moet darem sê die ouens het darem nie ons daar gelos nie, hulle het die, opgepomp, 250kg bomme, gedra en ek dink vier of ses van hulle het ingekom, op die bom-run. Nou, Mongowa het 'n pad, hy maak so 'n draai as hy van Xangongo af kom, van Xangongo na Mongowa loop hy so 'n suid, suid-oos, en dan by Mongowa maak hy so 'n skerp draai en dan loop hy suid, af na Ondanga toe, of in Ondanga se rigting.

**INTERVIEWER:** Is dit 'n teerpad?

**CHRIS:** Uh-h-h ... 'n teerpad gewees .. dit was die teerpad ja ... wat dan afloop na Ongiwa toe, en daarvandaan gaan hy deur ... tot op die grens gegaan. Okay, daardie pad, nou jy weet, as hulle daardie 1 000 ponders gooi dan moet jy 500 meter weg wees, maar ons kan nie disengage nie ... die manne sê ... en ek sê, Nee ons is weg, gooi hom net aan die westekant van die pad ... hulle sit daardie bomme daarin ... en net daar, toe draai die fight. Toe in plaas dat hulle na ons toe skiet, toe skiet hulle in die lug in op, toe kon ons disengage. Tydens daardie geveg, het ... 'n troep met die naam van De Kock, Honorus Crux gewen, toe hy met 'n tenkafweer wapen 'n BTR, hierdie moderne BTR's, toe storm hulle ons met meg, meg-voertuie jy weet ... en toe slaat hy die eerste een wat so oor die ... sy neus so oor die pad gesteek het, kyk die pad was opgebou en toe hy so opstaan toe slaan hy hom ... en toe, toe gaan hulle nie voort met die aanval nie, hulle wou daardie aanval voortgegaan het ou boeta ... dan dink ek was ons in redelike moeilikheid. In elk geval, hier so vyf uur die middag, toe breek ons kontak, toe kom die choppers in ... toe het die medics daardie outjies wat ons, casevacs wragtag deurgekry, hulle het bloedoortapping gedoen, van die ouens se

bloed gou getrek, en vir die outjies gegee, en ons het nie een troep daar verloor nie, by daardie geveg nie.

**INTERVIEWER:** En hierdie stadium, dis net SWAPO?

**CHRIS:** Nee-e-, dis FAPLA ...

**INTERVIEWER:** FAPLA okay.

**CHRIS:** Dis FAPLA gewees daardie, dis FAPLA se mense daardie. SWAPO is nou al weg. En, toe is ek af, toe het ek net so, sewe of tien kilometer gery, gestop, geslaap, eerste lig volgende oggend toe is ons uit. En dit was Sceptic, my deel van Sceptic ... wat nogal aanvanklik vir vyf dae beplan is, wat ons tien dae se kos saamgevat het, en wat so twenty days geduur het.

**INTERVIEWER:** And this is your first encounter of FAPLA? FAPLA mechanised?

**CHRIS:** FAPLA mechanised ja.

**INTERVIEWER:** So this is another phase, because for now you've been after SWAPO ...?

**CHRIS:** Ja, ja, ek moet jou dit sê ... met die beplanning van Sceptic, is vir ons gesê géén kontak met FAPLA nie, julle vermy die Angolese, tensy hulle met jou inmeng, en dan verdedig jy jouself, maar julle vermy hulle want die probleem is dat, jy weet, elke keer as ons ingaan dan sit die Verenigde Nasies se spesiaal ... se Veiligheidsraad, en dan verdoem hulle ons en dan, as die heat te groot word, dan trek hulle ons terug. Dan kry ons nie ons operasies ... altans die gebiedsoperasie klaar nie. En toe het ons gesê wel ons gaan FAPLA vermy, en ek dink omdat ons FAPLA vermy het, kon ons tot agttien dae, of amper twintig dae, in Angola wees, voor die ... heat, hitte te warm geword het vir die politici om te sê kom terug.

**INTERVIEWER:** And, and part of Operation Sceptic was Smokeshell?

**CHRIS:** Ja ... nee, Smokeshell was a codename for QFL.

**INTERVIEWER:** Okay, okay.

**INTERVIEWER:** Miskien moet ek vir jou vertel hoe het hierdie dinge begin ... onthou ek was destyds mos nou die SO-1 ops. Daar het weer so 'n voorval plaasgevind, infiltrasie gewees, 'n redelike groot infiltrasie in die Eenhana gebied, en ons het die inligting teruggestuur dat ons QFL gekry het, en so voorts. Toe bel Generaal, toe Brigadier Kat Liebenberg my ... van Pretoria af. Hy is toe die Direkteur: Operasies van die Leër. Hy sê. Sê vir my, wat doen julle omtrent daardie bleddie inligting wat julle het? Waar is jou baas? Ek sê my baas is op 'n spanbou, hulle is besig om beplanning te doen. Hy sê hulle spanbou ook te veel. Hy sê wat doen julle daar onder? Nee, sê ek, ons het 'n gebeurlikheidsplan ... maar hy ...wel ons het so'n los plan gehad, man maar nie 'n plan wat jy kan ... Hy sê stuur hom vir my. Ek sê nee jissie maar boss ek kan hom nie nou stuur nie, hy sê ... ek moet hom darem eers bietjie reg rangskik want hy is net grof geskryf en so aan ... hy sê, Toe roer jou gat man, stuur hom vandag vir my. Jis, nou sit ons, en ek kyk daardie operasie so, en ek maak sommer so 'n wye, gevegsontwerp, jy weet ... en ons skryf hom ... (lag) ... ek kry die lugmag ou in, wat ou Ollie Holmes was, wat ook later 'n generaal geword het, Ollie Holmes, ek sê hoe support jy hierdie operasie? Jissie, nou Ollie skryf daar van choppers en vliegtuie en goed, en ons stuur hierdie ding deur. Ons baas weet van niks man.

**INTERVIEWER:** He's still busy ...

**CHRIS:** (lag) Ja, hy's besig om met Generaal Geldenhuys te praat, jy weet, die groot manne. Bliksem jong! Nege uur daardie oggend, hier bel Generaal, of tien uur ... nee ag tien uur die oggend in die volgende dag hier bel hy. Ons het die Prime gesien ... dis nou vir P.W., hy sê julle moet voortgaan met Operasie ... o donner ... (lag) ... kom die baas daar, sê vir hom ons het nou sommer 'n opdrag hier gekry, hy sê ja dis bakgat, jy weet, en so het daardie operasie begin... (lag) ... ons het hom sommer so van die cuff af gespeel ... en ... wragtag, toe gaan hy deur ... en dit was, dit was een van die meer suksesvolle operasies waaraan ek deelgeneem het, ek dink ons het SWAPO daar 'n

groot knou gegee. Die feit dat ons 'n ruk eerste Cassinga toe QFL uitgevat het, ek glo nie hulle operasie, nie hulle hoofkwartier het weer ooit naby die grens ontplooi nie, nie waarvan ek weet nie.

**INTERVIEWER:** It's just too dangerous for the ...

**CHRIS:** Ja.

**INTERVIEWER:** On those big operations, did you always require permission from Cabinet level or ... or the Prime Minister level?

**CHRIS:** Ja-a-a, kyk, kyk wat my betref, wat ons voor betref, ons doen die beplanning, en dan kom Hoof van die Leër af, en ... eers DG-SWA, OC-SWA en Chief of the Army, en baie keer Chief of the Defence Force, en ek weet, ek dink ek het, dat die groot operasies almal goedgekeur word op Kabinets ... want kyk dit het 'n politieke impak, ek meen as jy hier oorstorm met drie mini-brigades, jy weet, dit het ... en jy val 'n ander land binne, so ek glo dat al die operasies Kabinetsgoedkeuring kry ...

**INTERVIEWER:** All right, and then, if I remember correctly, after Sceptic, I mean there were lots of small things happening all over, and it became Operation Askari?

**CHRIS:** Nee ... .. watse operasie was Askari? Nee, operasie Askari moes later gekom het ... okay, want die volgende een was in '81, Protea ...

**INTERVIEWER:** Protea, okay ... I think I'm (inaudible 31.21-3) ...

**CHRIS:** Ja, ja .. I think Askari was after ... Protea ...

**INTERVIEWER:** Okay.

**CHRIS:** Orraait, ek het Protea. Kyk, toe is ek verplaas ... Infanterie-skool toe ... die ... OC, eers 2-IC en toe die volgende jaar OC, en ... as ek nou reg kan onthou is dit die einde van 1980, terwyl ek hier by die Infanterieskool was, roep hulle my weer op opsgebied toe, hulle sê jy het 'n Veggroep, ons gaan Protea toe. Nou dit was een van die veggroepe van Protea. Nou die doel van Protea was om FAPLA steunkringe, wat op steunbasisse, te vernietig. Nou ons het gesien, noudat ons die gebied om die

steunbasisse beheer, en domineer, het SWAPO al binne-in die steunkringe van FAPLA inbeweeg, die steunkringe was natuurlik Xangongo wat 'n brigade, twee brigades gehad het, en dan Ongiwa, die ander brigade gehad. So die idee was, toe sien ons ons sal moet FAPLA ook uitvat in die Suide, om hierdie gebied skoon te maak, en dit was die, dit was dan die operasie. Nou 61 Meg sou op Xangongo ingaan ek ek sou op Peu Peu ingaan, dit is net noord van Xangongo, om die tweede brigade te kry. Nou, eintlik was die operasie in drie fases beplan, dit was eers die vernietiging van Xangongo en Peu Peu, dis eintlik een teiken gewees, wat ons gesamentlik sou slaan, en dan die vernietiging van Ongiwa, die brigade by Ongiwa, en dan 'n gebiedsoperasie, om al hierdie goed wat ons nou in die bosse ingejaag het, op te ruim. Nou soos ek jou gesê het ek het die, ek het die gedeelte van die doelwit gekry wat Peu Peu was, nou dis was nie so 'n heavy fight nie ... die ouens aan die suidekant het swaarder ge ... aanval gekry, hulle het swaarder opposisie gekry, en ek het gou my doelwitte opgeruim gekry, en in my doelwit het gestaan, die hoofmagasyn, dis waar hulle al die berging gedoen het van ... vir hulle ammunisie berging, dit kan ek nog onthou ... nou daardie, hulle het dit in die ou Portugese kerk geberg ... die kerkie wat op dinges gestaan het. Nou toe ek hulle vertel van hierdie ammunisie toe sê hulle soek vir ons die die 20 mils uit, en die RPG's uit, en destroy the rest. Toe het my engineer dit gedoen, dit was in die kerkie, en dan onder die tronk het hulle ondergrondse selle gehad, waar al die 122 mm missiele gelê het ... jissie Mike, die agtermiddag van D-dag, light hierdie laaitie daardie twee magasyne op ... die volgende middag toe ontplof dit nog! Daar was seker, jis, verskriklik baie ... dan ewe skielik dan sien jy hierkom 'n 122 mm uit, en so aan. Nou ek was jare later, 'n jaar later, toe ek by die infanterieskool was, toe gaan doen ons grensdiens, toe doen ek in die omgewing van Xangongo, ons het sommer so 'n local operation daar gedoen met die infanterieskooltroepe, toe gaan kyk ek na Peu Peu, toe bly daar nog nie'n mens in Peu Peu nie ... so, so lelik en dowwerse goed wat

daar rondlê, so dis 'n lewensgevaarlike plek. In elk geval, Peu Peu uitgesort, ons het Ongiwa uitgesort, waarna die beroemde sokkerwedstryd plaasgevind het ...

**INTERVIEWER:** Vertel my van die sokkerwedstryd ...

**CHRIS:** Okay. Hierdie Generaal Geldenhuys het mos altyd 'n redelike gimmick ... en hy het gesê, as julle Ongiva, ag Xangongo klaar gevat het, reël julle 'n sokkerwedstryd tussen die locals en die troepe, dat hulle ons kyk, jy weet dat daar 'n goeie gesindheid heers en so aan ... skerp on daardie goed gewees. En toe die fight klaar is, toe soek hulle die sokkerspan van, van Xangongo ... wat blykbaar die champion span ook in die omgewing was ... en toe speel hulle die troepe, en toe wen hulle die troepe ... (lag) ... so dit was die enigste fight wat ons verloor het, in die oorlog, was die sokkerwedstryd met Xangongo se manne ... In elk geval toe draai ons suid. Toe slaat ons Ongiva. Nou Ongiva se plan het nou weer anderster gewerk. Ongiva se plan dat 6 Meg sou ingaan, hulle sou die lughawe beveilig, daardie gebied beveilig, sodat ek deur kan kom en dat ek die house-clearing operasie kan doen. Nou ... ons het geskat dat, jy weet as ons eerste lug aanval, dat ons so elfuur se kant die eerste fase sou afgehandel kry, en dat ek, my high uur eintlik vir my was 11 uur die oggend om die houseclearing te doen, want dis 'n stadige operasie. Nie dat Ongiva nou 'n groot dorp is nie, maar dis die house-to-house, jy weet mos huis-tot-huis skoonmaak operasie. In elk geval, toe is die geveg by die lughawe baie groter as wat ons gedink het, en die manne staan vas, en hulle fight, en hulle het tenks daar. O ja ek het nog twee tenks op Peu Peu ook gebuit, wat nou nogal bakgat is om tenks te .... in elk geval, hulle het tenks op die doelwit, wat 'n harde neut is om te kraak ... toe in plaas van 11 uur, toe skuif my high uur aan en aan en aan, en hier drie uur die middag, toe is dit veilig vir my om deur te kom, fase 2 te kom, toe slaan ek 'n mynveld ... okay, toe moes ons eers 'n gap deur die mynveld maak, met die gevolg is, ek het eers hierso ... vier uur die middag, het ek ontplooi en ingegaan ... vir die geveg... Nou soos ek sê dit was 'n moeilike operasie, house-to-

house clearing, en jy gaan nou aan, en nou is daar sivies tussen-in, en ek het op ‘n kol die aanval gestop, die skoolhoof met ‘n wit vlag het al die kinders en vrouens uitgebring, en tussen ons deurgeloop uit die dorp uit, ons het in die dorp ‘n kelder gevind, ondergrondse kelder, waarin kinders was, babetjies, wat gemyn was, met booby-traps, dat ons eers die booby-traps moet uithaal, hulle het die kinders binne-in gesit, sodat as die troepe ingaan dan trap hulle die booby-trap af ... toe het ons dit uitgeneem, die kinders uitgehaal, met die gevolg is, halfpad deur die doelwit, toe is dit laaste lig en jy kan nie house-clearing in die nag doen nie ... toe het ek teruggegaan ... toe daardie nag, het ons ’n beplanningskonferensie gehad, en Joep Joubert besluit toe, wat die taakmagbevelvoerder was, is ook al oorlede, besluit toe hy gaan sy artillerie sentraliseer, en so verloor ek my artillerie, toe ek die volgende dag sou aanval, en ek het net ‘n voël voor, en toe het daar ‘n onaangename ding gebeur, die volgende more begin ek voor bombardiement kom in, toe ek amper in, omtrent daardie plek was wat ek nou gisteraand bereik het, dat ek nou aangaan ... ek het darem troepe daar voor gesit jy weet, dit was beveilig tot daar. Toe die vegtroepe bykom, toe skiet een van ons kanonne tussen in die Kompanie in ... die regter voor Kompanie ... en hulle wil die bevelvoerder, die Kompaniehoofkwartier ... en ‘n paar ouens is daar ook dood ... en ons het IG-span saam met ons gehad, wat evaluering doen, in operasies ... ek dink ons is die enigste land in die wêreld wat dit gedoen het ... maar in elk geval ... toe sê ek vir daardie kommandant, hey kom hier, jy is nou bevelvoerder van B Kompanie, take over en gaan voort. So, dis regtig vir my ‘n slegte voorman gewees, jy weet, wat nou net ‘n kanon van lyn af gevuur het, in elk geval, toe ruim ons die doelwit op, toe haak ek weer vas toe is die tenks aan die ander kant, en ons sit toe ondersteuning weer ... lugmagondersteuning gekry, die reserwe ingekry wat bietjie die tenkvermoë op, of die tenkafweervermoë opge(onduidelik) En toe uiteindelik vat ons die dorp. Toe het ons mos die Rus gevang, nou ek het nie Rus gevang nie, die Rus is in ’n ambush gevang.

Die kolonel Rus is doodgeskiet, die Sammajoor gevang. Nou wat ek gekry het is sy whisky, wat ek onmiddellik op beslag gelê het, en toe maar gedeel het met die ander, en ‘n geweer, wat ek darem later ‘n lisensie voor gekry het, wat nog in my besit was. Dis eintlik al souvenirs ... net die geweer souvenir, en veral die oorlog in Angola, het ek net daardie ding gekry. Die whisky het ons natuurlik uitgedrink ... (lag) ... En dit was ... dit was Protea.

**INTERVIEWER:** Chris, when the canon fired into your own men, how many men did you lose?

**CHRIS:** Ek ...

START OF RECORDING 4

**INTERVIEWER:** Sorry Chris we were talking about the occasion when one of your own canons went suddenly off line and you shelled your, they shelled your people ... how many people were killed in that incident?

**CHRIS:** Ten.

**INTERVIEWER:** Ten?

**CHRIS:** Tien.

**INTERVIEWER:** Okay. And then you withdrew?

**CHRIS:** Ja.

**INTERVIEWER:** Okay. You had achieved your objective and you withdrew, and you withdrew back to South West-Africa?

**CHRIS:** Dis reg. Nou .. Mike, ek het nou ‘n, dit is nou al die groot operasies wat ek aan deelgeneem het, maar ek het nog so’n paar interessasnte operasies wat net, wat almal dink net, daar was net groot operasies, daar was nie, dit was glad nie hoe dit gebeur het nie ... inteendeel daar was min groot operasies, daar was elke jaar maar omtrent een, moontlik twee, maar baie tussen-in. Nou, kan ons maar praat ?

**INTERVIEWER:** Asseblief, asseblief ...

**CHRIS:** Okay. Nou ons het ‘n soort van, wat ons genoem het, vergeldingsoperasies gehad. Nou dit het so gewerk, ons het inligting versamel oor kleiner ... objectives, kleiner doelwitte, regoor die verskillende bataljon-gebiede, met ander woorde regoor 51 wat by Ruakana was, het ons so ‘n teiken ontwikkel. En so ook oor Umbelanto en in ons bataljons. Ons het so ses gewoonlik gehad. Maar ons doen niks aan hulle nie ... ons maak hulle ryp, soos ons gesê het, en dan, as daar ‘n voorval kom soos ‘n wegstaanbestoking op Ruakana se waterwerke, jy weet dan kom dit mos van onder af ... die Prime vra Wat doen julle daaromtrent? Ons sê Nee-e-e, ons het hulle, ons het hulle, gee ons net so ‘n kansie ... en dan trek ons die file uit, en ons kap hulle die volgende dag, dan eet ons hulle. Nou so het, in 1980 was ek die SO-1 ops, het ek so ‘n klomp van hulle gehad, en een van hulle was Operasie Klipkop, by Chitado. Nou Chitado lê net so, aan die Angolese grens so ‘n paar kilometer anderkant Ruacana, tien, vyftien kilometer ... maar Chitado het altyd ‘n klomp, jy weet om Ruakana by te kom gaan hulle deur Chitado en kom soontoe, so ons het geweet daar is so ‘n SWAPO-teenwoordigheid, maar nie ernstig groot nie. En toe kom hulle en hulle doen ‘n wegstaanbeskoking op Ruakana ... ek dink hulle het ‘n outjie met mortiere geskiet, en ek dink ... hulle het ‘n paar gewond, ag daar kan ook moontlik ‘n ou dood wees, maar hulle het ook die waterwerke onder geskiet, jy weet waar die kragopwekkers is. In elk geval, nou juis daardie tyd, toe ... was Generaal Witkop iewers heen, en ek kry weer hierdie boodskap van onder, Wat doen julle daaromtrent? ... toe sê ons Nee, ons gaan Chitado aanval, daar is terroriste, en so aan. Vat toe vier choppers, vier sticks, ek het ‘n command chopper Alo met twee gunships, of vier gunships ek kan nie meer onthou nie, in elk geval ons het ‘n redelike ... amper so ‘n kompanie wat ons land, paratroepers, reaksiemagtroepe, land, doen die aanval ... en ... suksesvol (onhoorbaar) gaan in die, ons het geweet hulle bly nie in die dorp nie, hulle bly net langs die dorp onder die bome, jy weet, het ons so ‘n tydelike basis, ons ruim dit op. Maar dieselfde

dag, is daar ‘n besoekersgroep, en daar is joernaliste ook ... in die groep. En wragtag toe slaan ons daardie teiken terwyl hulle daar is, toe bring ons hulle sommer in op die doelwit ... dit het ons nogal baie positiewe ... positiewe mediadekking gegee, wat ons nie altyd gekry het nie, jy weet die oorlog was nou nie ‘n baie, gewilde onderwerp nie, maar daar het ons dit reggekry. So daardie vergelding operasies, en ons het nogal van hulle gebruik gemaak, het nogal goed gewerk. Jy maak ‘n ding ryp, jy los hom daar, as jy nou ge-pressure word, dan slaan jy. Dan is daar goed wat ons genoem het geleentheidsoperasies ... nou geleentheidsoperasie gewoonlik is, jy hoor ‘n rumour, of jy kry ‘n brokkie inligting, en hy hou eintlik nie verband met iets anders nie, en jy bêre hom so half, en as jy tyd het, dan gee jy nou bietjie aandag aan hulle ... so het ons, jy weet, daar was baie min SWAPO-aktiwiteite in Kaokoland, omdat SWAPO Vamboes is, en Vamboes was nie welkom in Kaokoland nie, want die Himbas het daar gebly. So as ek, as ‘n swarte daar inkom, Ovambo daar inkom, dan het hierdie Himbas hom gerapporteer, as ‘n SWAPO. So ... hulle het nie eintlik, kon nie eintlik ‘n aktiwiteit daar aan die gang kry nie. Toe hoor ons, sommer ‘n brokkie, van ‘n SWAPO-konsentrasie by Iona, nou Iona lê, as jy in die Marienfluss opgaan oor die rivier, dan lê hy nog so vyftien, twintig minute se vlieg, in Angola. Nou right ons ... wat ookal SWAPO by Iona doen is ‘n storie, jy weet ... maar so ‘n maand of twee later, hoor ons weer so ‘n dingetjie. Die Himbas rapporteer dit. En ek stuur ‘n klein span in. Ek vat van die Recces, daar op Fort Ref, kry ek daar ‘n klein span en ek sê gaan doen vir ons ‘n recce daar ... kyk wat is op die (onhoorbare woord) nou, wat gaan aan. Die klein span is in, hulle kom terug, hulle sê ja, hulle het nou daar op ‘n kop gesit en dis nou ... daar kan jy op die berg klim. Hulle het daar aktiwiteite gesien en so aan. En ... right, toe saal ons op, gaan Marionfluss toe, en Operasie Dorsland en haal hulle uit. Ek het daardie Operasie gedoen, en toe ek terugvlieg, terloops my helikopter is geskiet, raakgeskiet daar, hulle het my toe afgelaai hie op die grond, en die helikopter solank herwin, ons

het hom darem in die fluss gekry, en ... kon hom later herwin. Maar toe wil ons terugvlieg, toe het een iemand daar in die Stick, gesê maar daar by 'n watergat, daar het hy goed gesien, wat gelyk het soos seile, komberse, maar, ons het niemand gesien nie. En wragtag, twee jaar later toe slaan hulle daar, toe gaan hulle ook in op hierdie geleentheidteiken-storie, hulle kry SWAPO daar en hulle het 'n groot fight met 32 Bataljon, wat ons toe ingestuur het, die ou moes toe na my ingegaan het, en Operasie Super noem hulle dit ... big operation, en dit was SWAPO gewees. So ... ons het, hierdie geleentheidsteikens was baie keer suksesse jy weet, jy tel 'n dingetjie hier op, en jy tel 'n dingetjie op en jy sit hom bymekaar en as jy so 'n bietjie spare time het, dan wiks jy hulle. Ek moet jou nog so 'n tipe operasie vertel ... wat regtig so 'n geleentheidsding is. Ek sit e'n Son ... toe was ek nog bataljonbevelvoerder ... sit 'n Sondag, nou gewoonlik het ons die, het ek huis toe gegaan hierso Woensdag, Donderdag, nou dan wat dit die tyd wat die minste aktiwiteite van SWAPO, SWAPO het oor die naweke ingekom ...

**INTERVIEWER:** Maar hoekom?

**CHRIS:** Dan is die Cucashops vol, en dan maak hulle hulle kontakte, jy weet, dan kuier hulle ook sommer. En ... en in die middel van die week, jy weet, kom oor, koop hulle goedjies, en dan laat wiel hulle weer weg, so ons aktiwiteite, ek het my operasies oor naweke gedryf, en dan is ek, as daar nou nie aktiwiteite is nie, dan gaan ek so in die week, Woensdag en Donderdag, huis toe, en dan kom ek weer terug. So sit ek die Sondagoggend, dit was hier by 11-uur se kant, sit ek ewe peace-loving daar by die Bataljon, daar gaan eintlik niks aan nie, ons het ook nie 'n operasie wat ons dryf nie, en ons sit en relax. En hier bel, eintlik was dit nog Generaal Liebenberg, en hy sê Jong, ou Budgie Burgers, nou Budgie Burgers was 'n Imp-pilot. Hulle het vanmore 'n verkenning gevlieg en hulle het spore gesien, daar noord van Concor, nou Concor was die plek waar die pyplyn vanaf Naulila ingekom het, kyk ons het mos water getap, van Nounila

af vir Owamboland ... het, het hy daar spore gesien. Hy het nie troepe daar, oorkant ... hoekom weet ek nie daarvan nie, ek sê ek het nie troepe daar nie ... Watse spore het hy gesien? Want hoe kan 'n pilot nou spore sien ...

**INTERVIEWER:** Dit is die probleem ...

**CHRIS:** Maar .. Budgie het ... ja, hy is seker hy het voertuigspore gesien ... ja-nee ek weet nie, ek sal gaan kyk, sê ek. Hy sê, nee ek stuur vir jou twee choppers, dan vat jy 'n klompie troepe, dan maak julle so 'n draai daar, en kyk wat, of daar infiltrasie is. Nou ... sê ek, orraait, stuur die choppers, ek sal gaan kyk. Nou kyk ek die spul so, jis nou watter troepe moet ek gebruik? En ek roep die outjie daar, my 2-IC, want hy moan altyd ek doen al die operasies en hy moet die base walloper wees *(from the english base-wallah)* jy weet. So ek sê vir hom, Luister ou maat, geluk, jy gaan nou 'n operasie doen vanmiddag. Hy sê waar kry ek die troepe, ek sê jy vat sommer die Beskermings Peloton hierso, want ons gaan net 'n draai maak, kyk waar gaan die spoor heen, dan kom ons terug. Ah, nee, ons troepe weer by die huis, almal is happy ... nou vlieg ons, die choppers kom, ek klim sommer by 'n gunship. Nou vlieg ons Minen toe, en hierdie peloton is met hulle drie buffels ry nou Concor toe, en ek sê as julle oor die grens gaan, sê vir my dan kom ons met die choppertjies in en ons kyk voor julle, dat hulle nie in 'n ambush vasry nie. Maar, man, ek ry en ek is relaxed, en naderhand sê ek vir die gunner daar, kan ek nie bietjie met hierdie kanon van jou skiet nie? Ja-a, sê hy, no problem. Nou soek ons 'n ding om te skiet, jy weet. Daarso staan so 'n rooi drom in die veld, en nou ry die chopper so tjaf-tjaf-tjaf-tjaf, nou skiet ... nou sit ek agter die ding, nou skiet ek. Dan sê hy, nee jy hou hom te styf of jy doen dit, toe hoor ek die doef-doef, en ek hoor kontak ... toe slaan hierdie ouens onder ons 'n kontak ... (lag) ... jis, daar is ons ... daardie ou vat my so ek hoor ... sy bynaam was ou Soutie, ou Soutie vat my, so 'n groot stafsersant, vlugsersant, hy haal my so van daardie stoel af, en hy klim agter daardie kanon in ... (onhoorbaar) het ons gekontak ... en skiet, no problem, skiet

sommer 13 ouens ... (lag) ... in daardie kontak, want toe is hulle oop, hulle hardloop, dis Sondagmiddag, hulle het ook seker nie gedink die Boere gaan kom nie, hulle het maar die choppertjies gesien en gehoor ... en ons vang daardie kontak. Nou, Bobby Keller, waarvan ek jou vertel het aan die begin, ek het gesê Seiner, jy gaan saam, want hy het goeie verbindings jy weet, verseker. Hy het geloop ... hy sê hy het nie eintlik gehoor, maar hy het nou maar in die lyn geloop, en toe hy so opkyk, toe sit 'n terr voor hom ... dertig meter ... met 'n RPG, en hy weier om te skiet ... toe skiet hy eerste, toe begin die kontak. So ... jy weet, sulke, sulke goed het ook in die bos gebeur, wat jy nou wragtag gedink het niks gaan aan nie ... dan slaan jy hom. Die anderster om is dit ook ... waar ons weke se beplanning gedoen het, én ... jy weet, inligting ingesamel het, dan spring jy daar in met twee kompanies se paratroopers, en jy kom met 'n stormgroep lig, en jy het 'n lugaanval, dan is daar niks ... niks, niks ... nie eens loopgrawe nie, en ... so daar was suksesse, maar daar was ook duds wat jy geslaan het. Hoor ek het hier geskryf, val ongerepte natuur aan, ja ... vra die bevel, doen dit daar, in ongerepte natuur, hier was in vyf maande nie 'n terr hier nie ... ander een wat ek, net toe hulle, 'n ligte een wat ek jou ook kan vertel. Ek ... kom met die idee, ek druk bietjie die ouens agter, ek sê ek wil snipers hê. Want ons het 'n aandklokreël in die nag, dan ... nou Owamboland het mos 'n klomp paadjies ... daar is 'n klomp paadjies. Daar is nie een paadjie wat jy nou kan sit en 'n ou voorkeer nie, hy kom na jou toe in die nag, en jy sien net twee liggies brand, en dan draai hy en dan ry hy hier so 50 meter van jou verby, hierdie kant of regs of links verby, en so aan. So, toe dink ek nou, as hierdie ouens nou, om die klokreël af te dwing, sit ek 'n sniper neer ... en hy skiet tussen daardie twee ligte die enjin stukkend, jy weet ... jy sal net die drie, vier keer doen dan ry die ouens nie meer nie, en 'n bakkie, 'n voertuig is 'n waardevolle ding vir hulle, so ek soek snipers. So infanterie skool lei snipers op, en hulle stuur vir my 'n Seksie 10. Nou National Servicemen ... hulle is nie eintlik snipers nie, hulle is eintlik goeie skuts ... want 'n sniper is mos 'n ding

wat jy oor jare word. Maar in elk geval ek het nou hierdie, nou sê ek vir hulle ek wil eers kyk of hulle kan skiet ... al die manne, dan skiet hulle. Nou sê ek, right, nou gaan ons net 'n patrollie doen, so bietjie in Angola inloop, net om hulle bietjie muscle te gee, jy weet, dat hulle ook kan sê "ek was in Angola", jy weet. Jy doen dit maar met die troepie om hom selfvertroue te gee. En ek sê vir Dave Drew, ek gaan sommer saam, ek en Bobby Keller en jy ... Dave is 'n groot ou jy weet. En, hier is ons en die tien troepe. En die gedagte was nou net, loop so vyf, tien kilometer in, slaap die aand daar, kom die volgende more weer uit. Maar die nag toe ons in ons tydelike basis kom, toe hoor ek die honde blaf. En ek sê. Kom ons skuif. Ons skuif ... so 500 meter weg ... laat in die nag hoor ek weer die honde blaf ... ons kom, word wakker, volgende more nou backtrack ons, ons kom daar by die kamp, ons sien, Nee, hier lê spore ... ek sê kom ons volg net hierdie spore so 'n paar kilometer en kyk ons waar dit heengaan. Ons sien ... terroristespore. Hulle, hulle het daardie aand kom kyk wat ons daar doen. En ons loop ... wragtag, en ek kom daar, en oorkant in oshona, in 'n boom sit 'n terroris. Lekker in die son ... en ons kom so van die weste en die son is so agter my ... ek sien die bliksemse ding terwyl ek kyk, sien ek hier kom hulle so aangestap, so vier, vyf van hulle, nou klim hulle so by die boom ... nou weet ek hulle het 'n basisie daar sekerlik, sê ek hierdie sniper van my, Kom hier, wil jy 'n terroris skiet? Hy sê ja, daar sit hy in die boom. Vat hierdie laaitie, jy weet hy gaan staan so uit die skouer uit en skiet ... nou kan ek sien hy gaan in die lewe nie daardie man raakskiet nie. Dan sê ek, man, nee, vat dooierus ... aag jissie, Mike, daardie koeël trek seker nou nog, hy het hom seker vyf meter misgeskiet ... maar die terr toe hy die skoot klap, toe val hy uit die boom uit, en sê ons beter hardloop ... want hulle is ten minste 14, en ons is net 10 ... (lag) ... en ek weet nie of daar nog is nie. En toe hardloop ek terug ... dinges toe. So, daar is 'n ligte kant aan operasies ook.

**INTERVIEWER:** Maar die ou in die boom, hy ... he was just watching?

**CHRIS:** Ja-a-a, he was sitting there watching ...

**INTERVIEWER:** Did he have a weapon?

**CHRIS:** Ja hy het 'n AK daar gehad, ek het deur die teleskoop vir die geweer gekyk, nou sê ek jou daardie skoot was omtrent so-o-o 200 meter ...

**INTERVIEWER:** And that's a proper sniper rifle with a scope and a ...

**CHRIS:** Scope de lot ... maar, dis ondervinding. Dis sy eerste keer, dis hoekom ek hom in elk geval daar laat loop het, hy het al sy training vergeet ..

**INTERVIEWER:** That's why you told him to take a stable rest and view the object?

**CHRIS:** Ja, ja ... stable rest, take your time ... shot the bloke ... plaas dat ek die rifle gevat het en die ou geskiet het in die boom ... wel dis 'n ou wat weggekom het ...

**INTERVIEWER:** Thinking about things like that, weren't you on operation once and you had a passenger called General Geldenhuys and he listened to a rugby match?

**CHRIS:** Oh-h-h, ja ...

**INTERVIEWER:** Or you told him to listen to the rugby match to give you the score?

**CHRIS:** Ja, ja ... dit was die ... dit was 'n funny storie daardie .. Daar was Malola, my Sceptic ... toe ons nou die aanval doen, toe is dit net tyd, die Springbokke speel die Leeus in Bloemfontein, ek dink dit was die derde toets, toe Gysie Pienaar daardie try gescore het ... nou ... dit was goed, maar ... nou sê ons vir hom, Bosman, jy moet luister, ons sal die operasie doen, en dan ... dan luister jy in, en dan gee jy vir ons die telling. Nou gaan dit so, nou praat ek met die troepe, Gaan bietjie links, gaan bietjie links ... Stop, julle is te vinnig ... so, so koordineer ek, nou hoor ek hy sê, dan kom hy op die lug, dan sê hy, Gysie het geskore, dan sê ek , Gaan bietjie links, alle stasies, Gysie is gewis, ... JAY-Y-Y-Y! ... (lag) dan gaan hulle aan met hulle fire en movement. Dan so het die toets, jy weet, dis'n Lion, so het ons die hele toets ... dan cheer die troepe elke keer as ek sê, Alle stasies, ons is nou 14 – 6 voor, of whatever die telling was, jy weet ... teen die einde van die tyd toe weet ons sommer ook wat die, weet almal wat

die score ook was. Dit wys jou, rugby is net so belangrik soos oorlog vir troepe.

Einde van R09-0004

**INTERVIEWER:** Okay Chris, sorry ... you have given me an example of a couple of operations that weren't the big operations ... and then, after Operation Protea, were you brought back to Oudshoorn?

**CHRIS:** Okay ... en toe kom ek terug Oudshoorn toe, '81, ons het nog elke jaar opgegaan en jy weet, ek het al die junior leiers opgevat, elke jaar, om al ons counter-insurgency ... opleiding het ons in Owamboland gaan doen ... dan, volgende jaar as hy 'n Luit word, dan het hy 'n elk geval 'n medalje ... jy weet, en dan as hy by sy troepe kom dan, jy weet, dan lyk hy darem na 'n fighter ... of die Korporaal ook. So dit was maar die groot rede ... en natuurlik dit was die beste plek om'n ou op te lei en dan in 'n operasie in te sit ... dan kry hy sommer, jy weet, party ouens hier, partykeer slaan jy nou 'n kontak en dan ... dan het jy darem gesien of jy, of die opleiding gewerk het. So ons het elke jaar opgegaan. Toe in 1984 word ek verplaas hiervandaan af, Generaal Liebenberg was to BG Spesiale Magte, toe bel hy my, toe sê hy, Ek soek 'n Hoof van Staf, Chief of Staff, wil jy nie ... sal jy belangstel? Toe sê ek verseker sal ek belangstel ... om weer saam met jou te werk ... en so aan. Toe word ek verplaas, Hoof van Staf, Spes. Magte. Nou ek was ... daar tot in 1987, einde '87, '88, toe het hulle my weer terugverplaas as sektorbevelvoerder, in Owamboland. Toe is ek die groot boss daar. Maar nou, ek wil nou aankom want ek wil nou by Techipa uitkom. Nou ... hier in 1987 toe die oorlog nou uitbreek in die ooste, tussen die Kubane en FAPLA, aan die een kant, en UNITA aan die ander kant, waar ons nou involved geraak het. Toe sit ek, in die posisie dat ek moet kursus gaan doen vir bevordering na senior offisier toe, maar ek was al klaar 'n Brigadier teen daardie tyd ... en ek het nou, ek was nie kursus gekwalifiseerd nie, maar my verskoning was altyd my operasies ... jy weet, en daardie verskoning, toe sê hulle, Nee, nou moet jy kom. Want jy moet daardie kursus doen

voor jy 45 is, en ek was al op pad na 45 toe, in elk geval. So, toe die operasie nou uitbreek in die ooste, weet ek Generaal Liebenberg het dit vir my gesê, dat hy my geoormerk het om daardie bevel te neem, maar aangesien ek nie meer kon gewag het nie, het ... wel ek was een van die kandidate, die ander ou was Deon, Deon Ferreira. Deon Ferreira is ook oorlede, ek vertel dit, want ou Deon kan dit nie meer self vir jou vertel nie, hy is oorlede. So ek en Deon was saam op stafkursus, saam op GSK, hy het toe gegaan ... want dit was belangrik, want die volgende jaar toe die Kubaanse storie begin aan die wesfront, toe gaan steek ek by Deon Ferreira kers op. En ons kon toe lekker met mekaar gesels oor die Kubane en wat hulle doen, en tye van operasies, ensovoorts, al die ondervinding wat hy toe daar gekry het, het ek gekry. Maar in elk geval ... so dis die storie tussen ek en Deon Ferreira, want ons was groot vriende en ... ons het mekaar, ek het nogal baie gedink van Deon Ferreira, hy's 'n goeie soldaat. Toe 1988, toe stuur hulle my terug Owamboland toe ... Sektorbevelvoerder, daar aangekom, met Jake Swart omgeruil, jy weet ou Jake Swart, die ou rugbyspeler, Vrystaat, ek en hy het toe omgeruil, hy het toe teruggegaan as ... Recces toe, en ek het toe daar ingeklim. 'Right ... die eerste wat ek uitvind van hierdie Kubane, ek was so 'n maand, maand en 'n half daar, toe begin ek rumours hoor. Toe begin ons op die inligtingsnet kry dat daar Kubaanse versterkings is ... op die wesfront, soos ons dit nou genoem het ... nou, ek het nou die spul bekyk maar dit was 'n onduidelike prentjie, en toe begin ander gevegsaanduidings kom, jy weet hulle herbou die Cahama-vliegveld, opgradering, hulle bou daar vliegtuigbunkers en goed in, en hulle versterk die lugafweer. Die situasie in Owamboland was daardie tyd, man, stil. Die terroriste aktiwiteite was omtrent zero in Owamboland self. En ... daar het 'n bom afgegaan, in die bank, in ...

**INTERVIEWER:** In Oshakati?

**CHRIS:** Ja ... daardie tyd, maar ons het die ou gevang, en ons het hom gevra

hoekom het hy die bom in Oshakati kom sit? Toe sê hy hy was op pad Windhoek toe, sy opdrag was om die bom in Windhoek te gaan sit, by Barclays Bank in Windhoek. Maar toe kry ... toe hy by Oshivelo kom, toe sien hy groot troepebeweging, toe word hy bang, toe gaan hy terug, en toe stap hy in die bank in, sit hom neer en loop uit ... en die bom gaan af ... maar dit is so half ‘n isoleerde geval. Dan was daar ‘n bietjie sabotasie van die kraglyne wat ‘n nasionale sport was, so twee terr’s hardloop in, hulle saboteer ‘n paar lyne en hulle hardloop terug, maar regtig, daardie tyd as ons ‘n spoor opgetel het, vyf ure later was daardie terr dood ... dan het ons hom opgefok, veral wat betref die Koevoete in die binneland. Kyk Koevoet het, ons het Koevoet in die binneland laat goed opvolg terwyl ons, die troepe ... in Angola gekonsentreer het. Die gesindheid van die PB in daardie stadium toe ek daar gekom het, is ...goed. Dit was nie slegter as toe ek daar uit is nie, inteendeel die PB was ons nooit eintlik baie ... PB staan vir Plaaslike Bevolking ... was daar nooit regtig vir ons negatief gewees in Owamboland.

**INTERVIEWER:** Maar wat van Koevoet?

**CHRIS:** Ja ... ek praat nou van teenoor die soldate.

**INTERVIEWER:** Oh.. maar Koevoet is die polisie ...

**CHRIS:** Ja, polisie gewees ... Koevoet was nie ons nie. Koevoet was ‘n ... daar was ‘n ander gevoel tussen ...

**INTERVIEWER:** Did you have difficulties? You were worried about hearts and minds in your local population and so on ... and Koevoet had different operating tactics to the Army?

**CHRIS:** Ja, ... dit was ‘n probleem ... ek en ... die bevelvoerder, Polisie-bevelvoerder het baie daarvan uitgesorteer, en namate ons daar was, het hulle beter geraak, maar dit was nie goed nie ... en in elk geval, party van daardie tegnieke was uiters swak, en wat ons nooit sou gedoen het nie. En ek ...ek wil nie graag verder op dit ingaan nie, as julle weet weet ... van Koevoet dink ek nie ek is eintlik die ou wat daaroor wil praat nie.

... Goed, so ons het niks van, van SWAPO se kant af opgetel, wat nou vir ons ‘n aanduiding gee dat daar ‘n step-up in operasies is nie ...

**INTERVIEWER:** Maar die ou wat die bom, in die Oshakati bank gesit het, het hy niks gesê wat gaan aan in Angola?

**CHRIS:** Nee, hy het nie eens geweet nie ...ons het hom by die ondervraging het ons niks opgetel nie.

**INTERVIEWER:** Okay ...

**CHRIS:** Ek dink nie hy het aan daardie kant afgekom nie ... want onthou, hierdie ontplooiing het aan die westekant af gekom, hy het op die Mupa lyn ingekom en ek, jy weet, dit is soos ‘n ou wat in Oshakati iets gebeur, dan vra jy ‘n troep in Rundu, hy weet nie, hy is ‘n troep, hy moes ’n bom gaan plant. Hy is ‘n terr. So die aanvanklike gevolgtrekking wat ek gemaak het, is ... wel, dis gerugte, rumours, ons sal dit moet opvolg, maar dis nie iets ernstig nie, want ek het toe met Deon Ferreira gepraat, ek sê, hoe gaan dit? En daar was definitief ‘n afskaling van operasies aan hulle kant, in daardie tyd al gewees, en ... en, maar daar was nog troepe daar, so hoekom sal hulle nou ‘n tweede front open, het ek nou geredeneer ... Maar in elk geval, die vraag was wat doen hulle daar, hoekom in die weste, hulle het nog nooit in die weste baklei nie ... hoekom net wes van die Cunenerivier? Dit was nog die ander ding in ... Kyk, al ons operasies het oos van die Cunene plaasgevind, 80% van my poging ... of van al die bevelvoerders se poging van wes van die rivier, omdat die infiltrasie-Moepa reguit af was Ondangwa toe, dit was die roetes wat hulle gekom het. Hulle het nooit wes van die rivier gekom nie, want dan moet hulle deur Kaokoland gaan, en ek het jou most netnou vertel, en Koakoland tel hulle hulle net so op ... so, al die aktiwiteite was oos van die rivier ...

**INTERVIEWER:** And how many crossing points were there for vehicles on the river?

**CHRIS:** Okay, ja ... ek sal dit netnou bespreek maar ... orraait, daar was drie. Wat ‘n,

belangrike punt is wat ons netnou bietjie sal na kyk, as jy nie omgee nie ... Goed. So, hoekom wes van die rivier? En ... nou moet ek jou sê vandat ons die rumours van wes van die rivier ontvang het, het ons probeer om ons inligtingvermoë daarop op te step, ons het ‘n goeie dekking oos van die rivier gehad, geen probleem nie ... as ‘n terr inkom, ons het geweet wanneer hy inkom man ... maar wes van die rivier het daar niks gebeur nie, so ons het nie daar ... Right, toe sien ons hier teen April ’88, hier gebeur nou dinge. En toe besluit ek ... om ‘n paar dinge te doen. Eerstens het ons gegaan, en gesê ons moet ‘n inligtingoperasie loods, om inligting te kry sodat ons weet hoe sterk is hulle, en so voorts. So ons het in ‘n inligtingsbeplanning ingegaan om inligtingsoperasies te doen. Ek het toe gevra vir ‘n VC van my opponent ... dit is Generaal Sanchez gewees. Ochoa Sanchez, ek het dit gekry, jy weet know jou enemy, jy weet daardie storie ... en ... Okay, kom ons vat dit nou net so ver soos dit. Nou die eerste ding wat ek gekry het was ‘n baie goeie VC van my opponent, en dit was vir my duidelik uit sy VC uit dat hy ‘n vaardige bevelvoerder was, hy was al in operasies anders as Angola, was by betrokke, waar hy ‘n omvleuelingsbeweging suksesvol uitgevoer het, ek kan nou nie meer onthou dit plek nie, maar ek is seker as die ouens weer gaan kyk in die ... dan sal hulle dit weer by die inligtingouens kan optel. Buite suksesvolle omvleuelingsbeweging. Nou, nêrens in ons operasies, tot in daardie stadium, het daar een van ons opponent-bevelvoerders ‘n beweging, ‘n manoeuvre uitgevoer, ons het al die manoeuvring gedoen, hulle het static ... defensive, al die operasies wat ons uitgevoer het. Orraait so, toe het ek geweet hierdie ou beskik oor die vermoë, dat hy kan ... die volgende ding wat ek agtergekom het is dat die 50ste Kubaanse Pantserdivisie ontplooi word, 50ste Divisie, was nie Armour (onhoorbare) nie, 50ste Divisie. Nou orraait, baie ouens sê 50ste Division en dan skrik hulle vreeslik, maar jy moet onthou dit was ... dit was die Russiese, op die Russiese stelstel gebaseer. Nou ‘n Russiese Divisie is baie kleiner as ‘n Engelse divisie, en ons divisies was

gebaseer op 'n Engelse Divisie. 'n Russiese Divisie was omtrent was omtrent wat ons 'n Brigade noem, en 'n bietjie meer. Net so 'n brigade en 'n half.

**INTERVIEWER:** Hoeveel mense is dit?

**CHRIS:** Ah-h-h ... so agt duisend.

**INTERVIEWER:** Okay ...dit is nog baie mense?

**CHRIS:** Ja ... well ... maar hoeveel is 'n brigade, 'n brigade is mos so agt duisend, as ek reg onthou ... en hulle was so, dieselfde sterkte, ses duidsend, tussen ses duisend en agt duisend mense. Waar 'n Engelse Divisie, nineteen thousand, eighteen thousand is .. dis groot, sterk. Right. So ... ek sien okay Divisie, hulle moet tenks hê ... en dit is 'n ander probleem wat ons gehad het ... hoeveel tenks het hulle, en wat wil hulle daarmee maak. In elk geval, ek het hierdie ou se VC toe deurgegaan, maar saam met sy VC het hulle vir my 'n video gestuur met kort clips, van nuusberigte wat oor die Kubaanse TV uitgesaai word van hom, en ek het hom mooi gekyk en, hoe hy loop, en wat hy doen, .... en gesien daardie selfvertroue. En hy loop met so 'n swagger ... toe dog ek nee, dis orraait, want gewoonlik ouens wat so moet swagger, is ander dinge vir hom as oorlog belangrik ... (lag) jy weet ... ek ken die ouens van Pretoria af ... hy klim daar af, jy kan sien hy het die kit getrek die vorige dag, sy boots druk hom nog maar hy ... kom nou net om te ... en dan gaan hy terug en sê hy daar gaan niks in die Ops-gebied aan nie, jy weet ... So ek het nou hierdie ou gekyk, en nie vreeslik doodgeskrik wat ek gesien het nie, maar ek het gesien hy is fiks, en, want hy is min of meer soos ek gebou, hy is nie oorgewig of so nie, lekker fiks gewees, hy is windgat, en hy salute, almal so 'n windgat salute gehad ,,, en ek dog jou bogger, ons sal mekaar nog teëkom ... so ek het geweet, ons gaan 'n redelike fight hê. Okay dis nou die generaal. Ek het altyd gewonder of hy dieselfde met sy opponent aan hierdie kant gedoen het, ek weet nie, en hy is natuurlik later aan dood ... geskiet ... gefusilleer. Nou daar is groot bespiegelinge, ek dan dit nou nie, die inligtingouens kan vir jou miskien daardie inligting

... hoekom? Party ouens sê dis omdat hy nie suksesvol was in die operasies, in Angola nie, en die ander ouens sê, die amptelike ding is dat hy met drugs gesit ...

**INTERVIEWER:** ...die amptelike storie hy het geld gesteel het .....

**CHRIS:** Ja, die ou wat ek gesien het, weet ek nie of, jy weet hy is nie die ou wat ek sê wat met drugs sal ... rond ... maar dat hy sy vinger in die till gehad het, is miskien nou iets anders ... In elk geval, hy is toe, ge-elimineer ... Toe ons nou hierdie spul sien, toe begin ons met ‘n gebeurlikheidsbeplanning ... wat gaan ons doen aan die wesfront? En ons het basies op twee planne uitgekom ... die een plan was om twee Brigades plus te gebruik, die rivier oor te steek, en die Kubane in die Cahama-kom, ons het dit die Cahama-kom genoem, want dit was die gebied wes van die rivier, dit het al begin ... soos die Kaokoland word, met ander woorde plante groei, meer klippe, maar daar was nog nie die Kaokoveld met die berge en sy klippe nie ... dit was so ‘n oop gebied, half ... wat ons nou ‘n kom genoem het, en om hulle dan daar in te vat, jy weet, eers Xangongo, dan Cahama, jy weet en hulle dan daar te vat en die fight daar uit te fight. Die ander plan was om hulle te stamp en as hierdie ou nou met sy manoeuvrering kom, dan bring ons hom in ... dan vat ons hom oor die rivier, dat hy moes druk, dan vernietig ons hom in Suidwes. Want ons het met 101 Bataljon en 32 Bataljon het ons die vermoë gehad om sy agt ... sy verbindingslyne oor te sny, en as hy oor daardie rivier kom, onthou sy verbindingslyne hardloop van Kuba af, na ... Lubito toe, Lubito word hy per pad afgebring, jy weet jy ken daardie paaie, dis omtrent non-existance ... en dan het hy net drie oorgange. Nou kyk jy kan op ‘n sekere tyd van die jaar deur die Cunene-rivier ry met ‘n voertuig ... maar jy kan nie met jou lokvoertuie oorkom nie. So as ons hom oorbring, en sy log raak op, en dan het hy nêrens om heen te gaan nie. Dit was die been. Nou ons het, ons het, dis ’n offensief, en ‘n retro-operasie beplan. Om die retro uit te voer, moes ons die families en goed uitkry uit Oshakati en uit ... Owamboland uit, want daar gaan ons dan baklei, jy sien. So ons het in die geheim

gaan sit, en ontrumingsplanne doen, en ek het twee ouens die opdrag gegee, net hulle twee het gewerk aan die plan, want jy weet as daardie plan uitgelek het, dan was daar chaos ... so Eddie Viljoen en die loggie wat se naam ek nou vergeet het, het daar gesit. Eddie Viljoen was my 2-IC, hy is ‘n baie bekende ou by 32 Bataljon, want hy was die OC ook van 32 ...

**INTERVIEWER:** Echo Victor?

**CHRIS:** Echo Victor ja ... ou Echo Victor en die lobby, hulle het apart gesit en daardie plan gemaak, en ons het net gekyk of ons die voertuie het en ... ons sou die vrouens oneskat kon uitlig, met al die log-voertuie wat ons in elk geval gehad het, ons sou hul teruggevlieg het en ‘n bietjie bagasie op ‘n log-voertuie uit ... dit was nie ‘n groot exercise nie, maar onthou dis nie net ons vrouens nie, dis almal, die polisiemanne ook, en die ... en die whities wat daar werk ... so ons het daardie plannetjie ook ... in ons, gehad. Toe kom die ouens van Pretoria af, en ons dra hierdie plan voor, en ons sê ons het daardie twee opsies. Hulle moet vir ons sê watter opsie is vir hulle aanvaarbaar, dan verfyn ons dit, anders moet ons twee keer beplanning doen, jy sien ... Reg. So terwyl ek nou besig was om daardie beplanning te doen, het ek ook besluit, nee o hel, ons het te min inligting. Ons moet meer inligting kry. So ek kry Fort Ref se manne, en ek sê, Klein spanne, in. Onthou ek was nou ex hulle ... Chief of Staff, so ek druk hulle bietjie vir ekstra outjies om in te gooi, ons sit die ouens in per chopper in die nag ... maar dit was nie suksesvol nie. As ons daardie manne insit, hulle word opgetel, gejaag, hot extraction. Ons kon nie een Recce span in daardie, in die Cahama-kom inkry nie ... wel wat doen ek nou? So ek sê orraait, veg ... Veg inligtingpatrollie, fight vir inligting, dis mos ‘n erkende manier van oorlog maak, as jy nie ... so vat twee kompanies van 101 Bataljon en ek sê right, gaan nou hier onder in, werk ... na Xangongo toe, as julle kontak maak, met elemente, stamp hulle, of kyk wat doen hulle, hoe is hulle ontplooi en so aan ... Hierdie twee kompanies is oor, Jissus en ons slaan

daar suid van Xangongo daar een kompanie ‘n moerse kontak ... ek verloor, jissie ek is nie seker nie, ten minste vier voertuie in die kontak ... dis Casspirs wat uitgeskiet is ... met RPG’s, en ... en tien, elf troepe dood, en ‘n mannetjie met die naam van ... o jissie wat was ... Papenfus, val uit een van die voertuie uit, hy was ‘n motor mac, wat saamgegaan het in die recovery span, val uit die voertuie en hulle vang hom. Okay, nou kom daardie kompanie terug, ek gaan Calueque toe, om hulle daar te ontmoet, want hulle is by Calueque oor ... ek sal nou nou moet terugkeer na Calueque toe, want ek het nou eintlik die storie verkeerd om gesels ... maar in elk geval, ek kry hulle toe op Calueque, en ek sien die moreel van die troepe is nie lekker nie ... en hulle vertel my, hulle oë is net so groot, met dié helse kontak, en hulle sê dis whiteys, so dis Kubane. So daar het ons die eerste keer regtig met die Kubane ... baklei, en nie met FAPLA nie. Nou hulle het maar die gewone tegniek gebruik jy weet, dat hulle terroriste gebruik het as jy kontak slaan jy weet, dan storm jy met daardie ... en hulle het kanonne op daardie goed gehad, en hulle jaag rond, en hulle skiet en hulle gaan tekere ... en hierdie ouens was in vlak loopgrawe, ek het later by’n Kubaan gehoor dat van hulle doodgetrap is deur voertuie ... soos die ouens oor hulle gemaal en gery het ...en ek dink, ek het nooit ‘n amptelike syfer gehoor nie, maar dis oor rumour syfer, hulle het so tussen 35 en 50 man verloor in daardie kontak, die Kubane, kontak ... want toe sê ek waar is die voertuie wat uitgeskiet is? Nee, sê hulle, hulle staan op die doelwit, toe sê ek, Boys, gaan terug, gaan haal daardie voertuie, want anders vat hulle, en vertoon hulle oor die hele wêreld hoe hulle die Boere uitgeskiet, jy sien. Toe gaan die ouens terug, toe kry ... toe is die doelwit ontruim. Toe het hulle teruggetrek. So ek dink hulle het, het seergekry in die proses. Ons bring toe daardie voertuie terug, en ek gooi hulle in die dam, ek wil hulle ook nie hierdie kant hê dat die ouens sien, o Here hier staan die vier voertuie wat ons verloor het ... Casspirs ... toe gooi ek hulle in die water, hulle is seker nou nog in die water ... Okay, ek wil nou net bietjie teruggaan na ... Calueque toe.

Soos ek netnou gesê het, Calueque was die dam wat nie volledig was nie, een van die sluise was beskadig maar daar was ... water wat opgedam het daar, dan het ons die water uit die rivier uit gepomp, of uit die dam uit gepomp in ‘n pypleiding wat Owamboland toe gegaan het vir water in Owamboland. Toe hierdie Kubaanse storie nou ontwikkel, begin ontwikkel, toe kyk ek na die oorgange ... hoe kan ek anderkant kom? Toe sien ek daar is ‘n laagwaterbrug by SWAWEK, wat enige tipe voertuig kan vat, tenks, swaargemaal(?), met die bou van die hidro-elektriese stasie het hulle daardie lae brug gebou ... groot brug, wat sterk is. Die volgende een is Calueque, kan jy ‘n ramp maak, om oor die dam te gaan ... en ‘n ... dan kan jy daar oorgaan, en die volgende plek is Xangongo, wat ons nou die brug met Protea opgeblaas het, maar wat hulle tydelik reggemaak het want hulle moet daar bevoorrading oordoen na Xangongo toe en Ongiva toe, hulle troepe daar. So ... ek is nie seker of ons, ons sal hulle moes opgradeer, daardie brug, om tenks te kan vat, om heavy stuff te kan vat, oor ... maar, toe gaan sê ek vir my engineer, maak vir ons die ramps oor die ding. Maar ek ontplooi, wat ek genoem het ‘n buitepos, daar ... nou dit was eintlik maar ‘n peloton aanvanklik, en ek het ‘n mynveld gebou, ’n boebie mynveld, wat nie regtig ‘n mynveld was nie, maar gemerk is, in blikke geplant, en so aan ... en ek het twee plastic tanks by die Lugmag gekry, wat ons ingsit het en stelling daar vir hulle geskraap het en ingesit het en mooi gecamo het, en seker gemaak het dat die ... local pop, kan dit gesien het, en die mynveld en so aan ... toe die oorlog verby was toe het die Kubane nog nie soontoe gegaan nie, hulle het die myn ... met die GMM-tyd die mynveld gaan opruim, want hulle het geglo, jy weet, daar is ‘n helse mynveld, wat ek toe drie dae opgeruim het, al die blikke gaan optel ... (lag) ... die drade opgerol het ... Maar in elk geval, ons bou toe so ‘n ding, daar ... om ‘n skeiding te gee dat ons dit nou besit, beskermingspos. Dis goed dat ek dit gedoen het, want ek het later dit gebruik. All right, nou toe, hierdie ... hierdie vegverkenningsouens is daar oor daardie brug met hulle Casspirs, dis hoekom ek nou

die verhaal daar vertel ...

**INTERVIEWER:** Chris, sorry, just going back a bit, was 201 Batallion not also deployed across the border for a while at that time?

**CHRIS:** 21 Batallion?

**INTERVIEWER:** 201 ... the Bushman Batallion?

**CHRIS:** Ja, ja ... nee maar ... kyk die Boesman ... was nie anderkant ... ons het hulle aan die oostekant laat patrolleer op ... vir hulle spoorsnyvermoë, want ek wou gesien het hoeveel ouens kom oor, en wat kom oor, jy sien ... oor die rivier, want ek het die rivier gebruik as ‘n hindernis ... so ek het hulle daar laat opgaan, en dis met een van die Boesman-patrollies wat ek kontak gemaak het met FAPLA, nie met die Kubane nie, aan die oostekant waar du Toit dood is ... Private du Toit, nou ... ek sal vir jou nou sê wie’s Private du Toit. Private du Toit is een van my groot pelle se seun. Ons was saam ... die ou se naam was Kolonel M. S. du Toit. Nou M. S. en ek was saam Lieut’s op 5 SAI gewees, hy het ‘n peloton gehad, en ek het ‘n peloton gehad en as ons nou operasies doen, dan baklei ons teen mekaar, dan is een die enemy en een is die attacker en dan ruil ons weer om en so aan ... so ek het hom goed geken. Toe, net na, of net voor hierdie 101 Bataljon patrollie, Vegpatrollie, toe slaan die Boesmans ‘n kontak, ‘n groot kontak, ‘n groterige kontak, en ...kyk, ’n Boesman hardloop ... hy hardloop weg, hulle los vir du Toit wat gewond is op die, op die grond. Hy was ernstig gewond ... toe dra hulle hom terug, toe gaan hy dood op pad Xangongo toe, toe begrawe hulle hom in ‘n vlak graf, en los hom daar, en gaan terug. Hoekom ek dit weet, want ons het meeluistering onderskepping gedoen, radio onderskepping ... en ons het presies ingeluister, en ons het gehoor van die kontak, en ons het gehoor hulle het ‘n ... voor die Boesmans dit gerapporteer het, het ek geweet, daar is ‘n whitey ernstig gewond, en toe het ek al begin navraag doen, watse wit ou het hulle ... hulle het ‘n paar gehad, maar ... toe hoor ek dis du Toit. En toe het hulle kontak weer gemaak

en gesê ons bring hom terug, hy is gewond. Toe sê hulle, ons gaan hom nie nou meer bring nie, want hy's dood, toe sê Xangongo vir hom bring hom, toe dra hulle hom nog 'n dag, toe sê hulle hulle bring hom nie meer nie, want hy ontbind nou, hulle begrawe hom nou. Toe vat ek ... 'n ander pêl van my se seun wat in die Recce's was daar by Fort Ref, en ek roep vir hom en ek sê vir hom, Sybie, dis Sybrand van der Spuy, wat julle seker ook al mee kennis gemaak het, se seun. Sybie, ek wil hê jy moet du Toit gaan soek, kry en terugbring. Vat vir jou 'n klein span. En hulle het gegaan en het hom gesoek, hulle het hom gekry, die PB het hom gewys die graf, waar hy is, het hom uitgehaal, en ons het hom teruggebring ... dat hy darem begrawe kon word. So, dit is wat my betref, die elemente van die Boesman-Bataljon wat daardie kant was. Ek kan nie onthou dat daar, saam met 32, want ons het nooit die Boesmans saam met 32 anderkant gesit nie, en 32 het toe ingekom, en die fight voortgesit.

R09-0007 begin

**INTERVIEWER:** Sorry Chris, you were saying that 101 had run into big trouble, they withdrew and then you realised that there was something big going on ...

**CHRIS:** Ja. Okay ... man, toe bring ons 32 Bataljon in ... Jan Hougaard was die bevelvoerder, en ek kry hom toe in en ek gee hom die optrede ... die opdrag. Ek sê ons, ek wil hê jy moet inligting insamel oor die vyand. Ek wil hulle sterktes, wapens ontplooiing bevestig hê, want ek beplan 'n operasie, 'n groot operasie teen hulle. En dan, moet ons hulle so bedreig dat hulle nie verder af kan skuif, jy weet, na Owamboland toe nie ... want hoe nader hulle afskuif hoe moeiliker gaan dit vir ons wees om te opereer aan die ander kant, en dan word ons oorgange bedreig as ons moet 'n offensief doen. Nou ek het geweet hy is ... hy was redelik bewapen, maar hy kan nie die Kubane aanvat en, jy weet, terugstamp nie ... dit is maar net deur, deur manoeuvering, deur ligte kontakke met hulle te maak, en nie in 'n helse firefight nie ... dat jy hulle, hulle moet worry, wat is voor hulle, want hulle weet net so min wat is voor

hulle as wat ek weet wat is voor my, so hulle moet ook ‘n inligtingoperasie doen ... en dit gee ons tyd, maar ons het ... daardie tyd het ons tyd nodig, want in daardie tyd is die burgermag opgeroep, gemobiliseer. Ek dink hulle het twee Brigades gemobiliseer ... en hulle was besig om in te kom en opleiding te doen ... suid van my, het hulle, was hulle besig met opleidingsoperasies ... so ek was nou besig met die Burgermag-Brigades ook op te lei. Die Staande Mag Brigade ... wat interessant was, daardie tyd het ons 4 SAI, 8 SAI wat ons Meg Bataljon groepe gemaak het, saam met 61 en die Artillerie Brigade, 10 Artillery Brigade gemobiliseer, met engineers, om ‘n Staande Mag Brigade te vorm, en dit sou my main punching group gewees het, die Burgermag wat nou ondersteuning het. Hoekom hulle 2 opgeroep het, sodat hulle ook aflos in die lyn kan doen, met hulle. Goed ... so ... ek het Hougaard, en dis ‘n moeilike job, ek moet dit sê, en ek het baie gedink, jis, hierdie ou, en hy het ‘n goeie job gedoen, daardie troepe het goed baklei ... ek wil net opsom, ons moes dit doen, ons moes inligting bekom, en ons moes mobilisasie voltooi en dan die voorbereiding van die Staande Mag Brigade doen. Goed, nou moet jy weet, nou is ons voor, en nou kom 61 Meg terug van die Ooste af ... en bevelvoerder Mike Muller het vir my later aan gesê hy het nie eens geweet hy is onder my bevel nie, tot ek hom gebel het en vir hom gesê het, Wanneer kom groet jy my, Knopkop ... (lag) ...die troep sê vir my, hy het nou ge-baas wat hierdie kant sin. In elk geval, die Mike nou daar by my kom en sê ek, waar is 6 SWA, ek het hom nodig, want ek ... ek weet ek sien 32 swaarkry, en daar kan ‘n risiko dat ons, jy weet, in ‘n groot probleem daar kan ingaan. Toe sê ek, waar is 61? Dat ons hulle ‘n moerse stamp gee ... jy sien? Om mobilisasie te voltooi. Nou Mike sê, nee Jissus sy kanonne word nou geservice, en sy tenks moet gedinges word, herversien word, en sy gunners is almal ... tenk gunners is terug in die Republiek, ek sê gaan maak hulle bymekaar boeta ... want ons het toe oorlog maak. En toe maak ons hulle bymekaar, en dit het ons toe ‘n lekker tyd gegee om hierdie operasie terwyl ons nou hulle weer bymekaar

kry, om hierdie operasie lekker te beplan. Nou, ons het klaar 32 binnekant, en ons besluit toe ons gaan maksimum hierdie Kubane verras. Hulle moenie, kan mos nou al agtergekom het hier is nie tenks op hulle front nie, hier is nie kanonne op hulle front nie, ... en, en en. Jong, en ons gaan in die nag, en ons versterk die oorgang, by Calueque, ons werk net in die nag, met daardie bulldozers, ons maak die ... sodat ‘n tenk kan oorloop ... ek het gedink tenks kan oorloop tot toe kom Mike daar, en hy sê ‘n tenk gaan nie oor nie, ons moet hom versterk. Toe versterk ons hom. Intussen ry ek die tenks van die brigade, van Oshivelo af, verby Calueque, Ruakana toe en dan weer terug, en twee dae later dan bring ek weer daar dieselfde tenk, tien tenks op, sodat hy daar onder dink ek is besig om tenk versterkings te kry, jy weet, en die infanterieskool kom in vir hulle opleiding, ons sit hulle nie op Oshivelo nie, ons sit hulle op Ruakana ... daar is nou skielik twee duisend troepe meer, jy weet, op die front .. om hulle bietjie to confuse ander kant, intussen beplan ons ’n sneak operasie, ons sneak al ons 61 oor, elke nag ‘n bietjie, tot ons hulle almal daar oor het, en dan vat ons die Kubane aan. Dis een deel van die operasie gewees. Die ander deel wat ons ook gedoen het, ons moes so gou, vinnig moontlik ... uitgevind het waar is hulle Sam-stellings missiele, dat ons hulle kan eet ... want as ons die Sams uit die fight uitvat, kan ons lugsteun kry, jy weet. Dan kan ons die Lugmag oorhaal om ons lugsteun te gee. In elk geval, en ons moet dit so doen, dat ... dat die Kubaanse reaksie tyd, sy vlieg reaksietyd van Cahama af tot oor die teiken, nie kan plaasvind nie, want dan gaan hulle ons, hulle optel waar die geskut is. Orraait ... so ons besluit op ‘n laat Sondagmiddag attack ... op daardie deel van Dechitipa, en die D-dag was Sondag 26 Junie, 1988. Nou, o ek moet dit ook byvoeg ... toe ek nou twee Veggroepe het, in die gebied, toe bring ek vir Mieg Delport in, Micheal Delport, wat eintlik die bevelvoerder van 32 Bataljon op daardie stadium is. En ek sê, jy is die taakmagbevelvoerder, op Ruakana, daar is jou twee ouens, jy dryf daardie oorlog, want onthou ek moet nog die ander oorlog ook dryf ... so ek kan nie daar gaan

sit en net dit dryf nie, want ek wil eintlik ... dryf ek ‘n mobilisasie en her-opleiding van die burgermag. Goed, so die sleutelpersoneel in hierdie dinge is Mich Delport, Kolonel Mich Delport, van 32 Bataljon, hy was ... Chris van Zyl sal vir jou al hierdie telefoonnommers gee ... Kommandant Mike Muller van 61 Meg, en Kommandant Jan Houghaard wat 32 Bataljon se 2-IC eintlik daardie tyd was, maar eintlik die bevelvoerder op die grond was voor Mike-hulle aangesluit het. Goed, nou die doel van hierdie operasie was, ons moes die Kubane hard genoeg stamp, dat hulle sal moet herbeplan, voor ons hulle nou gaan óf op Handelwyse A aanvat of Handelwyse B, wat Pretoria nog nie op besluit het nie, of ek is in elk geval nie in kennis gestel nie, watter een van die handelswyses hulle wil hê ek moet volg nie ...

**INTERVIEWER:** Maar Pretoria het geweet ...that you would ... one idea was that you would, one idea was to keep them on the other side of the river and the other idea was to ... draw them forward, bring them across the river.

**CHRIS:** Ja, ja ...

**INTERVIEWER:** So Pretoria was aware that ...

**CHRIS:** Ja ... dit was ... en ek het later gehoor dit was ook aangebied, vir ... die Kabinet of iemand ... en dit het nogal ‘n moerse reaksie uitgelok toe hulle hoor ek wil die Kubane laat oorkom in Suidwes jy weet, daardie ou oome het seker gesê ek ...oor ons dooie liggaam sal ‘n Kubaan sy voet op Suid-Afrikaanse grond sit, en sulke goed ...Jy weet ...maar die .. takties-gesproke, Mike, was dit die beste plan. Takties-gesproke, jy wou minder casualties gehad het, jy het die ander bevelvoerder se arrogansie gebruik, en jy kon hom piece-meal destroy ... vir die hele wêreld wys hoe brand sy tenks, jy weet ... en jy kan sê hy het my aangeval jy weet ... so dis maar hoe ek gedink het. Die ander een sou ... bietjie heavy casualties gehad het. Okay ... so 61 Meg is nou ingesneak en so aan, ek is toe op Ruakana, en toe almal nou in posisie was, hier 5 o’clock daardie Sondagmiddag, as ek nou min of meer reg kan onthou ...

toe kom twee Impala's aangevlieg, en hulle kom low level in, tot hulle daar by Ruakana is, en hulle pitch op, maak 'n rol-duik af low level toe ... dat die radar hulle optel, jy sien, die ouens se gevegsradar. Terselfdertyd toe hulle dit doen, toe vat ons ballonne, hierdie weerballonne wat die gunners gebruik, met foelie onderaan, tin-foil, en hulle los dit ... daar gaan hierdie ballonne op en die radar tel natuurlik daardie tinfoil op, as hy so gaan ... ek sit toe in 'n OP op 'n koppie regoor Ruakana, waar ons long-distance TV-set het, om die slagveld nou voor my te sien ... en so wragtagwaar, daar launch hulle die SAM-6' e, jy weet, ek het ten minste drie opgesien gaan, die ouens het gesê daar is meer ... een het in elk geval oor die OP, jy weet kom op en ek weet nie wat ... hy is oor die OP en hy het daar in die gat onder by Ruakana geval, 'n moerse tenk, dis 'n groot ding, 'n missiel wat hulle geskiet het. En dan tel ons die missiele op, nou weet ons waar is die hoofkwartiere want ons sit die ... missiele rondom die HQ's, en die manne brand hulle met die kanonne ...

**INTERVIEWER:** The 155 mm?

**CHRIS:** 155, die G5'e, en G2's ook gehad. Ons het al wat 'n kanon is wat ons in die hande gekry het ... en ons eet hulle ... Right, nou hier, op hierdie stadium wil ek nou stop want nou gaan ons in na die taktiese gevegsvore ... en dit moet jy vir daardie bulle vra, want hulle was takties op die grond voor ... ek het, al wat ek gesien het, ek het tot sononder daar gesit, en ek het gesien die manoeuvrering en die stof wat daar ... so, maar ek was nie eens in verbinding met die taktiese hoofkwartier nie, want ek wil nie op die Kommander se, jy weet, skoot sit nie, ek het altyd gemoan as hulle dit met my doen, so ek moet dit nie doen nie ...

**INTERVIEWER:** And at this stage, how many members did each battle group comprise of? You've got two battle groups?

**CHRIS:** As full Batallion plus? Plus armour, plus ...

**INTERVIEWER:** How many tanks, how many canons ...

**CHRIS:** Well, ons het ... ek weet nie man, vra dit vir ou Mike ... ou Mike sal presies weet, jy weet, he was in command of the crew ... so ek gaan net bespiegel hoor.

**INTERVIEWER:** Okay.

**CHRIS:** Sorry, Mike ... ek gaan nie daardie ...

**INTERVIEWER:** No, no, there is no problem, I'm just curious to know what you are talking about in terms of equipment and stuff.

**CHRIS:** Okay ... nou toe is ek terug Oshakati toe en die manne het die fight gefight, en so aan. Nou gaan ek jou vertel van die MIG aanval, nie van die taktiese MIG aanval nie, want dit gaan nou ... daardie ouens sal vir jou vertel. Nou ek gaan vir jou vertel wat het dit op die hoofkwartier-vlak veroorsaak. Nou ... toe die volgende dag ... toe kom hulle met 8 MIG's, 250kg bomme, en hulle doen 'n aanval op Calueque. Nou goed, nou in daardie stadium het 'n Calueque versterk, met 'n element van 32 Bataljon, met lugafweer, want nou's dit belangrik nê, ek is nou oorkant en ek moet terugkom, en ek het dit met ander ... jy weet beskermingstroepe met lugafweer, gehad. So ons het lugafweer gehad. Die Krimpvarke (onhoorbaar 14.43-7), goeie kanon gewees, gemount op 'n Buffel, jy weet. In elk geval ... nou, onthou nou ek het troepe daardie kant, nou patrolleer ... aan die weste kant ... nou patrolleer ek sterk aan die oostekant, ook om te sien of daar goed oorspat na my kant toe, hierdie kant. Man, en daar het 'n patrollie aangekom ... net omtrent daardie tyd. Wat ek dink, soos ek kan onthou, was dit die patrollie wat of van Xangongo se rigting af ingekom het, of nog op pad was daarnatoe, om die patrollie te doen, maar daar aangekom en bietjie afgeklim van die voertuie af, en gesit en geëet, toe kom daardie strike in. Die troepe het natuurlik nie dekking gaan neem nie, want die ander troepe was ingegrawe ... nie dekking gehad nie, en 'n bom val tussen hulle ... en maak daardie klomp wit outjies dood. Ek dink daar was elf troepe, elf troepe dood daar. Orraait, die ... soos ek verstaan het, die MIG's 2 runs gemaak, die tweede run het die ou nog omgedraai ook en gekyk, as sy bomme val, een

van die Krimpvarkies het 'n MIG geskiet en hy het afgeskiet, ons het 'n MIG-keel(?) daar ook gekry. Right, die volgende ding wat ek hoor, maar in die eerste plek, vir my persoonlik, was elf troepe nie ... 'n groot skok nie, dit was nou elf troepe, dis elf troepe, jy weet 'n ou voel nie gelukkig daaroor nie, maar dis nie 'n rede om paniekerig te raak nie, so ek het nie gepanic nie ... en ek het gedink as jy 8 MIG's vat, en jy loods 'n aanval, en hulle kry toevallig 'n teiken raak, hulle het nogal die damwal ook raakgebom, wat blerrie goed is, want aardie goed gooi hulle met parachutes af, en ... dan het ek nie veel worries nie. Daardie skade, ek was meer bekommerd oor die skade aan die brug, as iets anders gewees, jy weet, van die tenks en die troepe en goed wat ek anderkant het. Okay ... wat agter aangegaan het in Pretoria weet ek nie, ek het in elk geval die middag besluit, orraait, ek dink ons het hulle hard genoeg gestamp, ek sal nou die volgende dag na Mike Muller toe gaan en bietjie die ordegroep daar hou, en kyk wat moet ons nog doen, maar dan sal ons die tenks uithaal, jy weet, of die tenks en kanonne uithaal, dat ons hulle nie ... dat hulle nie iets kan oorkom nie, want ons het hulle nodig in die groot fight. Toe kry ek 'n telefoon oproep, die Hoof van die Leër, (onhoorbaar) jou toe, hou jou bevelvoerder, of hou jou staf daar, hy sal 8-uur land, dis nou Generaal Liebenberg, wat toe Hoof van die Leër was. Toe het ek die eerste keer die feeling gekry, Jisses hulle kan my dalk fire, jy weet ... (lag) ... hulle stuur darem maar 'n groot ou, hulle stuur nie net 'n teleks om my te fire nie, hulle stuur 'n groot ou ... Maar ek het nie, ek was nie bekommerd daaroor nie, het gedink miskien het die ouens nou 'n beslissing gemaak oor wat 'n gevegs..., watter handelswyse ons het gevolg, teen hulle ... Okay, toe kom die Generaal 'n bietjie laat, hy het eers hier so half tien die nag ingekom, en dis die Maandag 27 Junie, dis die swaaipunt in die oorlog ... (lag) ...Ontvang hom, bring hom in, sit hom op sy ou plek waar hy nou was as bevelvoerder, onthou hy was die sektor bevelvoerder, ek sit langs hom, al my staf sit om die tafel, nou hoor ons, nou wag ons ... Toe sê hy iets, hy sê, Boys, ek het julle net kom sê die oorlog

is verby ... Resolusie 435 word uitgevoer, die Kubane gaan onttrek en julle moet niks verder doen om die ... implementering van die resolusie en die politieke initiatief te bedonner nie ... en that's that. After 25 years fighting a war, that was the end of it ... en niemand sê 'n woord nie. Ek dink ek was die eerste ou wat gesê het, ek het so op die tafel geslaan, en gesê "se moer", ek het nou natuurlik die middag seergekry, jy weet, ons het nou bietjie verliese gehad ... toe sê hy, Gaan vat 'n smoke break, ek wil met jou praat. Toe vat hy my eenkant toe, toe sê hy, Jong, hierdie ding moet jy maar ... toe sê ek, Maar Bossman, hoekom het julle ons nie gesê nie? Hy sê, Man, ek het nie geweet nie. Nou, ek dink hy het dit gesê, maar ek kan dit nie met hom kontroleer nie, maar ek het in elk geval, jy weet, ek was oorbluf ... in elk geval, toe ons ingaan, toe vertel hy maar verder van die storie dat die RSA troepe moet teen 1 September aan Angola onttrek, SWAPO moet teen 1 November nie suid van die 16de breedte-graad wees nie, en, en, en. En hulle gaan voort met die implementering van Resolusie 425, op 1 April. Okay ... nou ja, dis ons storie. Nou ek gaan vir jou die SAP ouens, laat jou die kontak op die grond vertel, en so aan. Maar, dat ons die Kubane daardie middag gestamp het, my maat, is verseker so. Ons het hulle geskiet, ripple after ripple het ons in hulle ingesit ... Reg, maar dit was nie die einde van die ..., baie ouens dink dis die einde van die oorlog, die einde van die oorlog was nie toe nie, dit was op 1 April, die volgende jaar ...

**INTERVIEWER:** Oh, yes, okay ...

**CHRIS:** Nou moet jy dié storie ook hoor ...

**INTERVIEWER:** Yes ... can I just ask you something about the ... before we get to 1 April. Okay, so you got all your, your two (inaudible 22.02-7) groups across the river, you were going to get them out again ... did the Cubans comply with regulations, I mean your guys could withdraw without being fired on ...?

**CHRIS:** Ah-h niks. Niks het gebeur nie ... nothing at all.

**INTERVIEWER:** Nothing at all?

**CHRIS:** Nothing at all. The war ... stopped.

**INTERVIEWER:** Just like that?

**CHRIS:** Just like that. Geen ... daar was geen invloed nie, inteendeel, ek kon nie dit glo, dat die Kubane, ek wonder of hulle ook dieselfde dag die boodskap gekry het ... (lag) ... en of hulle teruggestamp was in ...jy weet.

**INTERVIEWER:** In your planning, your two sort-of battle plans, one was to engage them on the other side of the ...

**CHRIS:** The offence ... was across the river, and the retro-operation, to bring them in.

**INTERVIEWER:** That's right. And, given the Cubans had those fairly sophisticated air defenses just inside Angola, but they also had their MIG-23's, would they ... In you planning, would the aircover had been an issue, or would the Mirages have been allright, coming out of Grootfontein?

**CHRIS:** Yeah ... dit was 'n groot probleem. Eh-h, kyk ... Grootfontein was reg, maar Grootfontein was 'n hoppie ... na die Cahama-kom toe ... die lugplan, moet ek vir jou sê was, dink ek was een van die dinge wat die ouens vertraag het om die beslissing te neem ... as die retro-operasie gevolg word, dan was dit beter as die ander een, want daar was die reaksie-tyd van ons korter as vir hulle s'n, maar ons sou moes geveg het vir lug-gelykheid ... ons het, ek het persoonlik nie gedink ons het die vermoë om lugoormag te kry nie, oor die teater nie, so ons sou geveg het, daar sou 'n luggeveg moes plaasgevind het, en die Mirages sou met die MIG's aangevat het ... nie die Mirages nie, die ... wat die ...Cheetahs mos toe gehad het. Nou die ouens het, ek weet nie, die Lugmagouens, jy moet maar vir die Lugmagouens vra, wat was hulle solution to the problem, maar ons het geweet, en dis hoekom dit vir ons belangrik was om so vroeg moontlik daardie missiele op te tel... dat ons nie die missiele stukkend skiet nie, dat ons die lanseerders ...

**INTERVIEWER:** Yes ... sure.

**CHRIS:** Ons moes, in die hele gevegsontwerp, sou ons fokuspunt gewees het, om die missiele uit te vat, om die lugafweermissiele, die SAM-6'e uit te vat ...

**INTERVIEWER:** And by the (inaudible) the balloons you could identify, once their radar picked up the balloons, and fired them you could log where they were ...

**CHRIS:** You log on ...

**INTERVIEWER:** And your artillary had greater range than theirs?

**CHRIS:** Ja ...

**INTERVIEWER:** The (inaudible) they couldn't shoot back and hit your artillary?

**CHRIS:** Jy weet Mike, dis nog 'n interessante ding ... Ek kan nie onthou dat daardie Sondag, daar een geskut geskiet het van die Kubane nie ... ek kan dit nie onthou nie. Hulle het net nie met hulle geskut geskiet nie ... ek dink, dat met die eerste salvo wat ons geskiet het, het ons hulle ... artillery mission control uitgevat ...

**INTERVIEWER:** In other words the guns had nowhere to fire to ...

**CHRIS:** The guns was blind ... hulle het nie geweet waar om te skiet, want nie een, wel ek weet nie van een swaar artillerie, jy weet counter-bombardment het ingekom ...

**INTERVIEWER:** And, and at the same time your guns were taking heavy casualties ...

**CHRIS:** Ja, well ... ons het so gedink, want ons het mos gesien waar daardie missiele opkom ... en Jan Hougaard het vir ons in elk geval teikens ook gehad op die grond ... en, en daar was ... terselfdertyd het daar skirmishes plaasgevind, daar was nie net artillerie nie, maar ek dink die artillerie het 'n deurslaggewende faktor gewees in die skermutseling wat daar plaasgevind het, dis my opinie. Jammer, ek kom nooit ... die Kubane wil nooit dit ... met ons bespreek nie ... ek het baie met hulle kontak daarna gehad ... en 'n bietjie so gedruk, jy weet ...'n dag deur en so aan, hulle moet, hulle wil nie met my daaroor gesels nie ...

**INTERVIEWER:** I wonder if that (inaudible ) is still alive?

**CHRIS:** Ja-a, security reasons ...

**INTERVIEWER:** Ja ... here the war happened (inaudible sentence)..

It just changed recently ... with his brother now in charge, so Raul

**CHRIS:** He was then the Minister of Defense ...

**INTERVIEWER:** Okay. Raul ...

End of 09-0007

**INTERVIEWER:** Thanks Chris, you were saying that, okay, after General Liebenberg came along and said, Well chaps, the war is over ... you said that there was just one aspect to the war still to come, and that happened on April 1, 1989 ...

**CHRIS:** 1989, ja ... ja Mike, nou die periode tussen Junie '88 en 1 April was nou die inwerking-stelling van die implementering van Resolusie 435. Nou in hierdie stadium het ons onttrek uit Angola uit, al ons troepe ... SWAPO moes noord van die 16de breedte-graad gaan, daar het begin 'n uitdunning plaasvind, en daar is 'n organisasie gestig, die GMMK, dis die Gesamentlike Militêre Monitor Komitee. Die komitee het op drie vlakke gefunksioneer, die hoogste vlak was die politieke vlak waar Pik Botha-hulle gesit het en daardie ouens ... en die Minister van Verdediging en die Hoof van die Weermag. Die tweede vlak was die Kommandement, Suidwes-Afrika Kommandement's bevelvoerder vlak, en dan die derde vlak is ek, die ouens wat voor die operasies gevoer het. Nou ... ons het elke maand 'n vergadering gehou op my vlak, dan het ons so elke drie maande 'n vergadering gehou op die tweede vlak, en die eerste vlak kan ek jou nie sê nie want ek was nooit by hulle teenwoordig nie ... op daardie vlak, maar in elk geval, teenwoordig nie. Nou, in daardie tyd het ek bietjie van die vyand geleer ... wat ek nie geweet het nie. Eerstens, van onderhandelingstegnieke wat ek in elk geval niks van geweet het nie, maar dit gou opgetel het, en dan, dat die Kubane eintlik nie baie lief was vir die Angolese nie ... en so byvoorbeeld, een geleentheid het, kyk hulle het altyd Portugees gepraat, en hulle het geweet ek verstaan nie Portugees nie, so hulle kan in my geselskap Portugees praat, en Spaans praat, en

ek het eintlik nie geweet nie. Toe het ek later gedoen wat hulle gedoen het, hulle het ‘n Engelsprekende ou ingekry, hulle het almal gemaak of hulle nie Engels verstaan nie, well hulle het nie Engels verstaan nie ... maar hulle kry’n ou in, maar hy sê nie ‘n woord nie, hy is nie’n tolk nie, hy sit net en luister. En dan gee hy hierdie ander gesprekkies wat jy voer tussen ouens, hy luister daarna. Toe het ek so’n ou ontplooi van my, toe sit en luister hy wat die Kubaan vir die Angolees sê, toe sê hy vir hom, julle het al weer ‘n bôggerop van alles gemaak, julle kan nie eens ‘n fight in ‘n kroeg organise nie, sê het die Kubaan vir hom ... toe wip die Angolees hom vir die Kubaan, en hy sê ek wil in elk geval niks met jou te doen hê nie en hy stap weg. Toe die outjie dit vir my vertel, toe stap ek na die FAPLA ou toe, die Angolees toe, en toe sê ek vir hom, Jis, ek weet nie hoe hou julle dit uit met hierdie Kubane nie, want wragtag, dat julle met hulle saamwerk is vir my ... want hulle is so bleddie kortaf met julle en ongegskik, toe vat ek hulle bietjie daar vir ‘n ride en toe stem hy saam dat ons in Afrika is en dan ons hier wil wees en hulle nie ... (lag) ... ‘n bietjie propaganda gespeel ... maar ek het agtergekom hulle was ook half uitgebak vir mekaar gewees ... nou nie almal nie, maar op grond level. Dan natuurlik het ons op hierdie GMMK vergaderings mekaar oor en weer altyd beskuldig, jy doen nie dit nie, want hulle het altyd probeer sê ons ontplooi Unita’s teen hulle. En ons het altyd gesê julle beheer nie SWAPO nie, want daar is nog infiltrasies. Soveel so dat ek die troepe opdrag gegee het julle skiet nie weer SWAPO nie, julle vang hom. En nou as ek vergadering toe gaan het ek drie SWAPO’s daar, dan sê ek, En waar is jy gevang? En wanneer ...? Dan moet hulle ... jy weet. Wat most embarrassing was vir hulle, hoor. En wat, want hulle kon nie ‘n Unita bring, en sê hier is Unita, en so aan. So, maar die gesindheid was nie ... vyandig, jy weet openlik vyandig nie. Wat ons wel agtergekom het, is dat SWAPO besig was om ‘n infiltrasie te beplan op die dag, op R-dag, dis nou Resolusie-dag, dit is die begin van die finale onttrekking en voorbereiding vir die verkiesing. Waarop al die Suid-Afrikaanse troepe

confined to barracks moet wees, en die inheemse bataljons moet ontbind wees. Nou ons het op polsvlak vir hulle genoem en sê ons hoor daardie rumours, en ons sê vir julle daar kom groot probleme as dit gebeur ... Ons het dit teruggestuur Pretoria toe, hulle het dit bietjie met 'n knippie sout gevat, dink ek ... maar die oggend, die laaste dag van Maart, 31 Maart, kom Pik Botha en Generaal Malan daar aan, vir die handing en taking over van prisoners, ons het 'n klomp FAPLA's en 'n Kubaan gehad, om oor te gee, en hulle het daardie troep gehad wat hulle gevang het, wat is sy naam ... Papenfus, om vir ons te gee. Kom Meneer Botha en ... maar hulle kom redelik vroeg daar by ons aan, en hierdie handing en taking over, as ek dink eers hier by een-uur, twee-uur die middag gewees ... want hulle kon niks vroeg reël nie, jy kon niks ... 'n vergadering voor twaalf hou met die Angolese nie, hulle kom net nie, hulle kom in die middag. Orraait ... so ons moes die ding toe later organiseer. Terwyl ons nou niks te doen het nie, brief ons die twee here, en Pik Botha sê wat sê jy daar, ons sê more oggend gaan hier 'n infiltrasie, groot-skaalse infiltrasie wees, van plus minus 2 000 SWAPO's. Hy kyk so na Generaal Malan, Generaal Malan het iets geantwoord, ek dink dit was, Daar is 'n moontlikheid, of Dit is ongetoetste inligting. Nou orraait. Maar jy weet Pik Botha het blykbaar hierdie ding dieselfde aand op 'n dinee vir Ahtisaarie oor die tafel gesê, ek wil vir jou sê daar kom môre inbeweeg ... nou hy is die tipe wat dit gaan gebruik. Maar dit was ongetoetste informasie, inligting, maar hoe sou ons nou weet, ons het nie meer toegang aan die ander kant nie. Maar wat ek gedoen het is, ek het al my bevelvoerders laat inkom Oshakati toe ... 101 het ontbind, daardie 31ste, van hulle troepe was op 'n parade in Windhoek gewees, en een van die troepe was weg, die ander ouens is nou ontslaan, hulle is nou op pensioen, en ... maar al my bevelvoerders sit daar. En ek is, ek is opgesoup daardie tyd met die Veggroepe van 4, and 8, wat op Oshivelo gelê het, en 61, so ek het eintlik 'n Staande Mag Brigade gehad, wat hulle vir my gegee het, as daar iets verkeerd loop, dat ons kan optree. En

al daardie bevelvoerders het in my ... en ons sit daar, en omtrent half nege die oggend, kom die eerste outjie ingehardloop en hy sê, kontak geslaan, Koevoet het ‘n kontak geslaan. Ek sê ek het julle mos gesê. Jong en ons is nog besig om daar te sê whoa, wat moet ons nou doen, en ek is besig om my voor te berei om nou te praat met, met Willie Meyer, Generaal Meyer in Windhoek ... tweede kontak, derde kontak, toe weet ek, o hel, hier is ‘n groot fight. En Koevoet skree, Casevac’s, en die chopper sê, Maar ek kan nie vlieg nie, ek is confined ... Nou, right, nou is dit Windhoek, ... nou is dit Pretoria toe, die choppers, want hulle word mos ... of die vliegtuie word mos beheer uit Pretoria, ek moet toestemming uit Windhoek uit kry. In elk geval, ek sê vir die bevelvoerders, Al die troepe uit, gaan help vir Koevoet. En voor ek van Willie Meyer, want ek het geweet hy gaan ja sê, daar was by my geen twyfel nie, want hy kan nie anderster nie. Jissie jong, maar daardie Koevoete bloei, jy weet, hulle het so iets soos 96 man verloor, binne daardie paar dae ... Okay, vier-uur die middag, toe sit 101 Bataljon op hulle parade grond in hulle sivies, toe rapporteer hulle sommer self vir diens.

**INTERVIEWER:** You didn’t send out any ...

**CHRIS:** Nothing ... ons het nog nie eens by hulle gekom nie, jy weet, soos die ander warboel dis ‘n redelike warboel nou om die ouens weer te kry om orders te gee ... toe sit 101 Bataljon op hulle paradegrond, toe sê hulle waar is onse gewere? Toe vlieg ons, want ons het, die wapens moes al terugstuur, vir die ooreenkoms, Grootfontein toe, na die depot toe. Toe vlieg ons wapens in vir hulle. Shit, nou sê ons ammunisie, hulle sê moenie worry nie, hulle het genoeg gecash ... (lag) ... toe het hulle almal eerstelyn ammunisie gekry, hulle het hulle sommer self ammunisie gegee, toe is hulle reg. Toe join hulle die fight. Toe is die Koevoet, en daardie Meg Bataljons wat inkom, die ouens wat in die bataljons was wat nog nie onttrek het nie, en 101 Bataljon. Nou die infiltrasie, ek het die scoreboard opgekyk, daar was 1619 terroriste wat geinfiltreer

het, in 16 groepe ... hulle was uitgekit in nuwe kit ... met swaar-, en anti-tenk wapens, hulle was almal goed bewapen, nuwe kit gehad, mooi aangetrek, en swaar anti-tenk wapens, en dis hoekom Koevoet so baie verliese gelei het, want toe hulle hulle stamp toe skiet hulle hulle uit, jy weet Koevoet kon toe nie naby hulle kom nie. Nou ja, toe is die gala nou aan, en die fight is aan. Nou ons het, hoe het ons by daardie 1619 uitgekom, is die aantal spore wat ons getel het. Ons het hulle fisies getel. Ons het ook die koppe getel wat ons geskiet het ... ons het 316 doodgeskiet, wat se lyke ons in Angola gekry het, die ouens wat aan die ander kant doodgegaan het, weet ons nou nie van nie, en ons het 42 gevang, so ons het 358 van die ouens uitgehaal.

**INTERVIEWER:** Sorry Chris, you said, you got 369 in Angola, when in South West?

**CHRIS:** No, we killed ... 316, killed-in-action ...

**INTERVIEWER:** Within Namibia ...

**CHRIS:** In Namibia ... en ons het 42 gevang in Namibia ... kyk ons het nie meer oor die grens gegaan nie, ons het selfs toe nie eens oor die grens geoperate nie, ons het binne... want kyk daar was ‘n aanval binne ons, dit het ons nie losgemaak nie. Nou, nou, ek was by die Hoofkwartier, toe is dit nou ‘n helse storie jy weet, Prem Chand kom, sy 2-IC kom, en hulle wil nie glo dat daar ‘n fight is nie ... intussen gaan wys die ouens hulle die Casevac’s as hulle inkom, toe besef hulle, maar hel, hier is ‘n oorlog weer aan die gang. Ou Prem Chand was die regte ou om die kommander te maak vir ‘n peacetime, maar definitief om nie nog ‘n fight op te tel nie, jy weet. En ek het die ou man eintlik jammer gekry, want sê ek sy troepe kan nie fight nie, het het nie die vermoë nie ... hulle is nie ‘n georganiseerde veg-eenheid nie, so eintlik het ... want kyk hulle het mos daardie dag ontplooi, op 1 April is hulle nou in posisie in, en al wat hy gesê het, Remember the flags, remember the flags ... (lag) ... United Nations blue flags ... wat hy dink sou beskerming gegee het ... Hy sê sy sidekick ... ag ek het nou sy van vergeet ... het, hulle het ons eintlik ondervra asof ons nou die ding ge-inisieer het ... maar hulle het

later besef en toe het hulle ons troepe losgemaak. En toe ... toe het ons lekker scrap gehad, totdat hulle 21 dae, ek dink dit was 21 dae, later die finale ooreenkoms gesluit het wat toe die gevegte opgehou het. Maar hoekom ek sê Mount Edgeshow(?) Declaration, het julle hierdie boek?

**INTERVIEWER:** Ah ... nee ...

**CHRIS:** Dit is'n goeie boek hoor ...

**INTERVIEWER:** I'd love to have a look just now ...

**CHRIS:** ... Totdat ons daar gekom het en toe finaal opgehou het, en so aan ... en toe met die uitdunning van die troepe begin het. So ons het meer in daardie sestien of twintig dae, meer terroriste geskiet in Owamboland as ooit gedurende die oorlog in (onhoorbaar) 15.33-8 operation ...

**INTERVIEWER:** From your point of view, being an operational soldier in that area for a long, why did Nujoma decide to send those guys across there?

**CHRIS:** Jis ... Mike, as jy dit vir my sê. Ek het gedink, ek het probeer om vir hulle te vra, maar ... ek het nooit 'n bevredigende en ... ek wonder of dit hy was? Ek wonder of dit nie sommer een van sy heavyweights onder was wat besluit het ... maar die feit dat hulle 'n nuwe kit aangehad het ... jy weet, lyk het vir my of dit 'n redelike beplande, doelbewuste operasie, want hulle het in 16 groepe ingekom, en hulle het na spesifieke gebiede toe gegaan. Nou, al rede wat vir my sin maak, is dat hulle wou met Resolusie dag die ... die ding begin het met 'n bang ...hulle het staatgemaak op dat die Verenigde Nasies genoeg poeier gehad het, om die Suid-Afrikaners in die basisse te hou ... ek dink nie hulle het beplan dat daar Koevoete is nie, die Polisie die dinge beplan het nie, hulle het net beplan vir die soldate na die soldate net daar ... so hulle het gesê as ons twee dae daar kan wees, dan sê ons ons het Owamboland geliberate ... en dan sê ons ons het die oorlog gewen want ons het die belangrikste gebied van Suidwes-Afrika geliberate. Dis al ding wat vir my logies is ... maar operasioneel, nee was dit 'n

verskriklike misgissing, want ... jy weet omdat hulle swaar was in pantser, anti-tenk wapens, het ons omtrent die skroot voorraad van Suid-Afrika weggeskiet daar in daardie bosse, want al wat ons gedoen het was, as daar 'n kontak is het ons die Eland 90's vorentoe gebring, en hulle geskiet met skroot ...nou ek weet nie hoeveel het ons gewond nie ... hoeveel is anderkant oor nie, maar die lyke. Ag ons het later, net voor ons toe moes weer teruggaan ... na ons eenhede toe om beperkers te ... na ons eenhede het ons natuurlik toe patrollies gehad wat heen en weer ... dan kry ons sommer vier ouens onder boom, twee lê dood, een sit nog teen die boom met sy wapen en hy is net dood, hy het net doodgegaan aan sy wonde ... So, ja, dit was 'n interessante ... 'n interessante deel van die operasie.

**INTERVIEWER:** And prior to that, throughout most of the '80's, because of your tactics of trying to keep the area in something going clear SWAPO bases and you need to have been in the east, above the Caprivi strip, I think you said that, the average SWAPO guy on foot wouldn't have lasted more than 5 hours, once he crossed the cut line?

**CHRIS:** Ja ... this was at the end of the operation, at the end of the story ... Ek sal vir jou sê dat ... klein groepies het maar daar rondgemaal, twee of drie of so, maar daar was nooit ... terroriste, kyk een van ons "groot vrese" was ... groot vrese nou in aanhalingstekens ... myne altans, was daar daar 'n tent ... tipe operasie vanuit suide Angola in Owamboland is, waar hulle soos die Vietnamese, en Ted, met alles kom en die Amerikaners uit die oorlog uit wil skiet ... en ons het gesê ons gaan nooit toelaat dat daar 'n mags-opbou is, in die gebied Suid-Angola, wat SWAPO in staat stel om 'n regtige offensief teen ons te loods ... hulle het, aan die begin van die '80's, met groot groepe ingekom, maar namate die oorlog gegroei het, het dit ook uitgepeter. Hulle het 'n paar keer probeer, ons het dit die winter-spele genoem, of die somer-spele, het hulle probeer om deur te gaan na die blanke gebied, in die suide in te kom. Hulle het een of

twee keer wel ge ... infiltreer, klein groepies was uitgewis, chop-chop, hulle het nie 'n kans gehad nie. So as hulle wou 'n propaganda-bang slaan, dan kon hulle net Owamboland vat ... en ons wil dit nooit toelaat nie, en dit is hoekom ons gesê het, ons gaan die basisgebiede elimineer in Suid-Angola ...en, nou moet jy onthou, ons het nie dieselfde gedoen noord van die Caprivi nie, want toe sit UNITA daar ... en dis hoekom ons UNITA ondersteun het. Solank jy UNITA daar gehad het, kon SWAPO nie ... doeltreffende operasies in die Caprivi ... in die Okavango loods nie ...

**INTERVIEWER:** Chris I think I've asked you everything I need to ask you at the moment. Is there anything you feel like adding? You can always add it later on ...

**CHRIS:** Nee, dis al wat ek voorberei het, dat ek nou ...

**EINDE VAN OPNAME**

**Collection Number: A3079**

**Collection Name: "Missing Voices" Oral History Project, 2004-2012**

***PUBLISHER:***

*Publisher:* **Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand**
*Location:* **Johannesburg**
**©2016**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document forms part of a collection, held at the Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.